# REGSPROSEDURES EN KODE TEN AANSIEN VAN DISSIPLINÊRE SAKE IN ORANIA

# REGSPROSEDURES EN KODE TEN AANSIEN VAN DISSIPLINÊRE SAKE IN ORANIA

*Hierdie Regsprosedure en Kode ten aansien van Dissiplinêre Sake in Orania is van toepassing en van krag ten aansien van alle inwoners van asook besoekers aan die deelnemende grondentiteite van Orania wat hierdie Kode onderteken en deur hul onderskeie besture / direksies aanvaar is.*

*Oraniërs is daartoe verbind om hul ideale van 'n vry en voorspoedige gemeenskap na te streef en vind dit binne 'n gemeenskapsorde plaas waar alle mense se veiligheid van persoon en eiendom as 'n prioriteit nagestreef word.*

*Die onderskeie grondentiteite van Orania beskik as die regmatige eienaars van sodanige grondgebied onder elkeen se beheer oor die bevoegdheid om orde te handhaaf en dissiplinêre stappe van stapel te stuur ten aansien van sodanige optrede en gedrag wat ingevolge hierdie Kode nie in Orania aanvaarbaar is nie of wat die reëls van enige of alle grondentiteite oortree.*

*Die onderskeie grondentiteite wat hierdie Kode onderteken delegeer en verbind hulself tot die prosedure waar Orania Regspleging klagtes soos deur Orania Veiligheidsdienste ondersoek te ontvang, te oorweeg en vervolging of ander gepaste stappe in te stel, met die gesag van die Orania Regspaneel om sodanige vervolging voor die Paneel ingestel onafhanklik te oorweeg en by skuldigbevinding 'n gepaste vonnis uit te reik.*

**LYS VAN AFDELINGS:** **Bladsy**


AFDELING A: WOORDOMSKRYWINGS 5

A.1 Aandeelhouers van OAB 5

A.2 Aanklaer 5

A.3 Beskuldigde en oortreder 5

A.4 Besoldigde Voorsittende Beampte 5

A.5 Dorpsraad en Dorpskantoor 5

A.6 Dissiplinêre Kode en Kode 5

A.7 Dissiplinêre saak 6

A.8 Drank 6

A.9 Grondentiteit 6

A.10 Hoof van Regspleging of Hoof: Regspleging 6

A.11 Hoof van die Regspaneel 7

A.12 Kantoor vir Regspleging 7

A.13 Klagte 7

A.14 OAB 7

A.15 Ondersoekbeampte 7

A.16 Orania Dorpsgebied 7

A.17 Orania Grondgebied 8

A.18 Orania Regspleging 8

A.19 Orania Regsraad 8

A.20 Orania Regspaneel of Regspaneel 8

A.21 OVD 8

A.22 Panneellid 9

A.23 Persoon met regsagtergrond 9

A.24 Regspraktisyn 9

A.25 Tydperke 9

A.26 Verblyfreg 9

A.27 Verblyfregbeleidkomitee 9

A.28 Voorsittende Beampte 9

A.29 Werksdag 10

AFDELING B: ALGEMENE BEPALINGS 10

B.1 Oppergesag en grondslag 10

B.2 Voertaal 10

B.3 Toepassing van Suid-Afrikaanse Reg 11

B.4 Regsverteenwoordiging 11

B.5 Bevoegdheid van Voorsittende Beampte en ander Paneellede 12

B.6 Verrigtinge oop vir publiek, maar kan beperk word 13

B.7 Rekords en Opnames van Dissiplinêre Verhore, asook Hantering van Inligting 13

B.8 Dissiplinêre sake bestaan uit Dissiplinêre Rondetafels, Dissiplinêre Verhore en Appèlverhore 14

B.9 Verhoorpaneel en Appèlpaneel vir dissiplinêre sake 15

B.10 Datums en tye vir aanhoor van Sake 16

B.11 Getuies 16

B.12 Fooie en kostes 16

B.13 Vervolging van regspersone en lede van verenigings 16

B.14 Bevoegde Amptenare OVD 16

B.15 Oortredings 16

B.16 Minderjarige kinders 17

B.17 Bystand aan persone wat tekens toon dat hulle nie die verrigtinge verstaan nie 19

AFDELING C: JURISDIKSIE 20

AFDELING D: BEWYSREGTELIKE ASPEKTE 21

D.1 Bewyslas en toepaslike reg 21

D.2 Erkennings van skuld 21

D.3 Dwelms 21

D.4 Video opnames en Foto's 24

D.5 Openbare dokument 24

D.6 Informante en Lokvinke 25

D.7 Getuienis van afdrukke of liggaamlike voorkoms van beskuldigde 26

D.8 Uitkenningsparade 26

AFDELING E: REGSPANEEL, ETIESE GEDRAG, HOOF VAN REGSPANEEL EN BESOLDIGDE VOORSITTENDE BEAMPTE 27

E.1 Regspaneel 27

E.2 Hoof van Regspaneel 27

E.3 Besoldigde Voorsittende Beampte 28

AFDELING F: DORPSREËLS EN REËLS VAN ANDER GRONDENTITEITE 29

AFDELING G: DISSIPLINÊRE PROSEDURE – VOORAF PROSES 30

G.1 Ontvangs van Klagtes 30

G.2 Ondersoek en Uitslag van Ondersoek 31

AFDELING H: DISSIPLINÊRE PROSEDURE – AANKLAER PROSES 32

AFDELING I: DISSIPLINÊRE PROSEDURE – AANLOOP TOT VERHOOR 33

I.1 Instel van vervolging: Dissiplinêre Verhoor 33

I.2 Skakeling na buite Orania 35

I.3 Bediening van kennisgewings en getuie dagvaardings 35

I.4 Versoeke tot Uitstel van die Dissiplinêre Verhoor of Beswaar teen enige lid van die Verhoorpaneel 36

AFDELING J: DISSIPLINÊRE PROSEDURE - VERHOOR 37

J.1 Prosedure tydens Dissiplinêre Verhore 37

J.2 Bepalings ter aanvang van Dissiplinêre Verhoor 37

J.3 Verhoor op Meriete 38

J.4 Vonnis verrigtinge 42

J.5 Prosedure na afloop van Dissiplinêre Verhore 43

J.6 Algemene Bepalings tydens Dissiplinêre Verhore 45

AFDELING K: DISSIPLINÊRE PROSEDURE – VERHOOR *IN ABSENTIA* 46

AFDELING L: DISSIPLINÊRE PROSEDURE - APPÈL PROSEDURE 46

L.1 Algemeen 46

L.2 Aantekening van Appèl deur persoon wat aan oortreding skuldig bevind is 47

L.3 Aantekening van Appèl deur aanklaer teen die onskuldigbevinding of vonnis wat 'n beskuldigde opgelê is 49

L.4 Opponering van Appèl 49

L.5 Prosedure van Appèl 49

L.6 Uitslag van Appèl 51

AFDELING M: DISSIPLINÊRE PROSEDURE – RONDETAFEL PROSES 51

AFDELING N: SEKERE ASPEKTE RAKENDE VONNIS 53

N.1 Algemeen 53

N.2 Gemeenskapsdiens 54

N.3 Vergoeding van skade 56

N.4 Boetes 56

N.5 Opskorting van vonnis 59

AFDELING O: WYSIGING 60

DISSIPLINÊRE KODE: SANKSIES EN VONNISSE VIR OORTREDINGS 60

**AFDELING A: WOORDOMSKRYWINGS**

Tensy die teendeel uitdruklik gestel of verklaar word of ondubbelsinnig blyk uit die samehang waarin hulle gebruik word, sal die volgende terme in hierdie Regsprosedures en Kode ten aansien van Dissiplinêre Sake in Orania (hierna "Dissiplinêre Kode") die betekenisse hê wat hierin hulle toegewys word.

**A.1 Aandeelhouers van OAB**

Die stemgeregtigde lede van Orania Aandeelblok (RF) (Edms.) Bpk. (OAB) wat handel tydens 'n Ledevergadering of andersins vir die doeleindes waarvoor voorsiening gemaak word in hierdie Dissiplinêre Kode.

**A.2 Aanklaer**

Die aanklaer soos aangestel ingevolge die reëls en prosedures van Orania Regspleging, of sodanige persoon deur hom aangestel of sy gevolmagtigde, en wat verantwoordelik is vir die instel en vervolging van oortredings van Orania Dorpsreëls, die Suid Afrikaanse Reg asook hierdie Dissiplinêre Kode.

**A.3 Beskuldigde en oortreder**

Die beskuldigde verwys na sodanige persoon, hetsy natuurlike- of regspersoon, wat op 'n ten las gelegde klag(te) voortspruitend uit 'n oortreding kragtens Bylaag 1 en 2 van hierdie Kode of die oortreding van 'n Dorpsreël of verwante reël van 'n grondentiteit voor 'n Verhoorpaneel moet pleit. In hierdie kode word vir duidelikheid na "oortreder" verwys waar 'n persoon 'n boete vir die oortreding van 'n Dorpsreël ontvang, maar word die beskrywing van "beskuldigde" nie daardeur uitgesluit nie.

**A.4 Besoldigde Voorsittende Beampte**

'n Regsprekende beampte, waar die vereniging Orania Regspleging nog nie gestig is nie, aangestel deur die Dorpsraad, of en waar die vermelde vereniging gestig is, aangestel deur sodanige vereniging en wat besoldiging vir sy dienste kan ontvang, welke persoon oor 'n regsagtergrond beskik wat ook 'n regspraktisyn kan insluit, met die nodige ervaring en sodanige verdere vereistes soos deur die Dorpsraad en/of die vereniging Orania Regspleging (of die Orania Regsraad waar die vereniging nog nie opgerig is nie) daargestel.

**A.5 Dorpsraad en Dorpskantoor**

Die Dorpsraad is die gekose direksie van OAB met reëlskeppende bevoegdheid, met die Dorpskantoor as die uitvoerende gesag in OAB en soos verteenwoordig deur die Hoof Uitvoerende Beampte of Dorpsbestuurder van OAB.

**A.6 Dissiplinêre Kode en Kode**

Die kort begrip wat hierin gebruik word vir die volledige naam van hierdie dokument, naamlik "Regsprosedures en Kode ten aansien van Dissiplinêre Sake in Orania". Die woord "Kode" verwys enersyds na hierdie Dissiplinêre Kode.

**A.7 Dissiplinêre saak**

Enige dissiplinêre aangeleentheid, hetsy soos uiteengesit in die Dissiplinêre Kode of 'n oortreding ingevolge die Suid-Afrikaanse reg of 'n oortreding van 'n Dorpsreël of 'n toepaslike reël wat op 'n bepaalde grondentiteit van toepassing is, wat formeel en in terme van hierdie Dissiplinêre Kode deur Regspleging hanteer word, en sluit in Rondetafelgesprekke, dissiplinêre verhore en appèlle.

**A.8 Drank**

A.8.1 Drank beteken enige vloeistof of produk wat alkohol bevat en vir menslike gebruik geoormerk is.

A.8.2 Drankmisbruik, oftewel die misbruik van drank, is sodanige gebruik van drank (alkohol) wat die gevolg inhou dat dit die veiligheid van enige huishouding of die gemeenskap of hul eiendom op enige wyse bedreig; of, tot die ontwrigting van die gemeenskap se werksaamhede op enige wyse lei. Die misbruik van drank word onderskei van ernstige drankmisbruik as klag wat teen persone gestel word wat op die Dranklys verskyn.

A.8.3 Dranklys, synde die lys van persone wat nie in Orania drank mag koop, besit of gebruik nie, nadat die prosedure soos in Afdeling M uiteengesit gevolg is.

A.8.4 Openbare dronkenskap, synde sodanige toestand waar 'n persoon onder die invloed van alkohol in 'n openbare ruimte, hetsy 'n Orania pad, perseel of gebou anders as sy of haar privaat huishouding verkeer.

A.8.5 Onder die invloed van drank is die beskrywing van die toestand van 'n persoon wat oormatig alkohol ingeneem het, met die gevolg dat die persoon bo en behalwe die fisiese simptome daarvan en wat mag insluit 'n drankreuk in sy of haar asem, bloedbelope oë, sukkel met spraak, ligte of swaar sedasie en die inperking van liggaamlike funksies van beweging, spesifiek nie oor die vermoë beskik om normale beheer oor sy of haar koördinasie uit te oefen nie.

Voormelde word onderskei van bestuur onder die invloed, wat 'n laer vlak van standaard vir die oortreding daarvan stel en inhou dat 'n persoon wat selfs steeds normale beheer oor sy of haar koördinasie het, steeds op grond van die teenwoordigheid van ander simptome aan die oortreding daarvan skuldig bevind kan word.

**A.9 Grondentiteit**

Die verwysing na enige of alle van die volgende, afhangende van die geval: Orania Aandeleblok (RF) (Edms.) Bpk.; Kambrolandskap Koöperatief Beperk; VKN Boerdery en Ontwikkeling (Edms.) Bpk. en Vluytjeskraal 272 Eienaarsvereniging (RF) MSW. Voormelde grondentiteite vorm elk die onafhanklike bestuur en eienaar oor die grondgebied onder sodanige grondentiteit se beheer en waarvan die grondentiteit die eienaar is, welke grondentiteite gesamentlik in die gedeelde saak van regspleging in Orania tot hierdie Dissiplinêre Kode verbind is.

**A.10 Hoof van Regspleging of Hoof: Regspleging**

Die Hoof van Regspleging, soos deur die Dorpsraad aangestel, wat aan hoof van die Kantoor vir Regspleging staan, maar is terselfdertyd nie die voorsitter van die Orania

Regsraad of die vereniging Orania Regspleging nie, wat die nodige administratiewe- en verwante verantwoordelikhede soos in hierdie Kode uiteengesit moet uitvoer. In die geval waar die vereniging Orania Regspleging gestig is, sal die vereniging sodanige aanstelling doen.

### A.11 Hoof van die Regspaneel

Die Hoof van die Regspaneel is die verkose en aangestelde lid van die Regspaneel wat as Hoof daarvan dien, met die magte en pligte soos in die Dissiplinêre Kode uiteengesit, en sluit vir doeleindes hiervan die Adjunk-Hoof van die Regspaneel in, tensy die teendeel spesifiek duidelik blyk.

### A.12 Kantoor vir Regspleging

Die kantoor wat die amptenary uitmaak wat verantwoordelik is om hierdie Kode se verpligtinge en werksaamhede deur te voer, wat die aanklaer insluit, onder toesig van die Orania Regsraad maar met die operasionele ondersteuning van die Dorpskantoor. Die Kantoor vir Regspleging word bemagtig en is behoorlik daartoe bevoeg om alle nodige stappe wat redelikerwys ingevolge hierdie Kode vereis mag word uit te voer.

### A.13 Klagte

Enige oortreding of oortredings waarvoor voorsiening gemaak word in hierdie Dissiplinêre Kode, of oortredings van strafregtelike aard ingevolge die Suid-Afrikaanse reg en soos voorsiening gemaak in die Dissiplinêre Kode, of oortredings van Orania Dorpsreëls of die reëls van enige ander grondentiteit, word gesamentlik as 'n klagte(s) ooreenkomstig die bepalinge hiervan hanteer.

### A.14 OAB

Hierdie term is die afkorting vir Orania Aandeelblok (RF) (Edms.) Bpk.

### A.15 Ondersoekbeampte

Enige beampte met die nodige bevoegdheid wat deur OVD aangestel word en wat onder meer klagtes en dissiplinêre aangeleenthede onder leiding van en in opdrag van die Hoof: Veiligheid ondersoek en getuienis en inligting ooreenkomstig die bevoegdhede en die toepaslike reg insamel, versamel en getaak is met die saamstel van genoemde getuienis en inligting in ondersoek dossiere in samewerking met die aanklaer en enige ander handelinge verrig soos aan die amp toegewys in hierdie Kode. Enige verwysing na die Ondersoekbeampte sluit ook enige persoon in wat aangestel is om 'n ondersteunende rol vir die pos van Ondersoekbeampte te vervul en die nodige gedelegeerde bevoegdheid daarvoor bekom het.

### A.16 Orania Dorpsgebied

Sodanige grondgebied wat die eiendom van Orania Aandeleblok (RF) (Edms.) Bpk. uitmaak en sodanig deur OAB beheer word, en ten aansien waarvan Dorpsreëls soos

deur OAB van tyd tot tyd deur die Direksie van OAB aanvaar van toepassing is. Die Orania Dorpsgebied maak deel uit van die groter Orania Grondgebied.

**A.17 Orania Grondgebied**

Sodanige grondgebied wat insluit die grondentiteite Orania Aandeleblok (RF) Edms. Bpk.; Kambrolandskap Koöperatief Beperk; VKN Boerdery en Ontwikkeling (Edms.) Bpk.; Vluytjeskraal 272 Eienaarsvereniging (RF) MSW en sodanige eiendom waaroor die vermelde grondentiteite eiendomsreg en beheer uitoefen. 'n Verwysing na "Orania" is dienooreenkomstig 'n verwysing, sovêr dit jurisdiksie gebied aangaan, na die Orania Grondgebied.

**A.18 Orania Regspleging**

Die instelling wat regspleging in Orania administratief bestuur, wat insluit die beskikbaarstelling van 'n aanklaer, en soos verteenwoordig deur die Hoof: Regspleging, met die gedelegeerde bevoegdheid vanaf die grondentiteite om sover dit vervolgings ingevolge hierdie Kode aangaan, alle nodige stappe om aan die inhoud hiervan gehoor te gee mag neem en uitvoer. Voormelde instelling sal funksioneer as kantoor onder die Orania Regsraad se oorsig met operasionele ondersteuning deur die Dorpskantoor, of sal as 'n vereniging wat bestaan uit lede (deelnemende grondentiteite) waar die vereniging tot stand kom funksioneer.

**A.19 Orania Regsraad**

Sodanige komitee wat saamgestel word vanuit die onderskeie deelnemende grondentiteite wat, sover die vereniging Orania Regspleging nog nie deur sy voorgenome lede gestig is nie, oor die werksaamhede van die Kantoor vir Regspleging toesig hou sonder dat die onafhanklikheid van die aanklaer ten aansien van die instel en deurvoer van vervolgings asook die Orania Regspaneel in gedrang gebring word, terwyl die Dorpskantoor die operasionele ondersteuning aan die Kantoor vir Regspleging sal bied.

**A.20 Orania Regspaneel of Regspaneel**

'n Paneel bestaande uit natuurlike persone met Verblyfreg wat ingevolge die toepaslike reëls en prosedure van Orania Regspleging saamgelees met die Dorpsreëls van tyd tot tyd aangewys word en/of wat deur instansies of persone van tyd tot tyd aangewys word, welke instansies of persone deur die grondentiteite wat tot Orania Regspleging se prosesse verbind is daartoe gemagtig word om paneellede aan te wys, om mediasie, arbitrasie- en dissiplinêre sake in Orania te hanteer en beklee hierdie Regspaneel die regsprekende gesag in Orania. 'n Verwysing na die Regspaneel in hierdie Kode, sluit in 'n verwysing indien van toepassing na 'n Verhoorpaneel of 'n Appèlpaneel.

**A.21 OVD**

Die afkorting wat gebruik word vir Orania Veiligheidsdienste (Edms.) Bpk., 'n filiaal van OAB en wat onder andere verantwoordelik is vir die verpligtinge en take soos in hierdie Kode uiteengesit.

### A.22 Panneellid

’n Lid van die Regspaneel, op welke wyse aangewys, wat deel uitmaak van ’n paneel wat ’n dissiplinêre saak aanhoor.

### A.23 Persoon met regsagtergrond

Enige persoon wat opleiding/ondervinding in regspleging het, maar sluit nie ’n regspraktisyn in nie.

### A.24 Regspraktisyn

Enige toegelate prokureur, kandidaat prokureur, toegelate advokaat of voornemende advokaat onder pupilskap, wat in die veld van regspleging praktiseer en daarvoor vergoed word, sowel as enige persoon wat aangestel en waarneem as regter of landdros.

### A.25 Tydperke

Die tydperke vir handelinge en aksies soos bepaal deur hierdie Dissiplinêre Kode of soos bepaal deur die Regspaneel in enige saak. Tydperke wat bereken moet word in terme van hierdie Dissiplinêre Kode sal bereken word met die uitsluiting van die eerste dag en insluiting van die laaste dag.

### A.26 Verblyfreg

Die status wat ’n persoon vanaf die Kantoor vir Verblyfreg ontvang, waar sodanige persoon aansoek om Verblyfreg ingevolge die voorgestelde prosedure en ingevolge ’n relevante kategorie gedoen het, sodanige aansoek oorweeg is en Verblyfreg met of sonder voorwaardes aan die persoon toegestaan is. Geen persoon kan in Orania woon, werk, grondgebruik regte uitoefen (’n besigheid registreer of eiendom koop) of stemreg uitoefen sonder dat Verblyfreg toegestaan is nie.

### A.27 Verblyfregbeleidkomitee

’n Komitee saamgestel uit verteenwoordigers van elke grondentiteit van Orania, asook die Orania Beweging en die Orania Verteenwoordigende Raad, met bevoegdhede soos uiteengesit in die Verblyfregbeleid behoorlik deur die relevante grondentiteite aanvaar en van toepassing op Verblyfreg in Orania, wat verantwoordelik is vir die bepaling van beleidsake rakende Verblyfreg.

### A.28 Voorsittende Beampte

Die Paneellid, of Besoldigde Voorsittende Beampte, indien van toepassing, wat die prosedure lei en die prosesse bestuur gedurende die verloop van ’n dissiplinêre saak. Die Voorsittende Beampte word tesame met die ander lede van ’n Paneel sodanig deur die Hoof van die Regspaneel aangewys, in die alternatief en in die afwesigheid van sodanige Hoof van die Regspaneel, deur die Hoof: Regspleging aangewys.

### A.29 Werksdag

'n Gewone dag van Maandag tot Vrydag, wat nie 'n openbare vakansiedag is wat deur die Dorpsraad as sodanig erken word nie. 'n Verwysing na "dae" is 'n verwysing na werksdae, tensy die teendeel duidelik aangedui word.

## AFDELING B: ALGEMENE BEPALINGS

### B.1 Oppergesag en grondslag

1.1 Die reëlskeppende en wetgewende gesag in Orania is in die grondentiteite wat tot hierdie Dissiplinêre Kode verbind is gesetel en alle dissiplinêre sake vind plaas onder die gesag van die grondentiteite kragtens elke grondentiteit hiertoe verbind se Akte van Oprigting, Statuut, Trustakte of Reëls soos van toepassing, die Dorpsreëls of ander reëls binne 'n grondentiteit van toepassing en toepaslike wetgewing, hetsy by wyse van goedkeuring, opdrag of delegasie.

1.2 Die regsprekende gesag van Orania is gesetel in die Orania Regspaneel, of enige ander aangestelde regsprekende persoon of liggaam, van tyd tot tyd aangewys ingevolge die reëls en prosedure van Orania Regspleging saamgelees met die Dorpsreëls, en is die Regspaneel ten volle daartoe gemagtig en bevoeg om alle dissiplinêre sake in Orania aan te hoor, die prosedurele aspekte daarvan aan die hand van hierdie Dissiplinêre Kode te bestuur en om gepaste uitsprake volgens hierdie Kode in die verband te maak.

1.3 Enige en alle dissiplinêre optrede kan slegs vanuit die gesag van Orania grondentiteite as die eienaars van die grond / eiendom voortspruit en kan hierdie Dissiplinêre Kode vir daardie oogmerk ook deur ander grondentiteite as OAB aanvaar word, met dien verstande dat die Orania Regspaneel by die oorweging van enige oortredings in enige grondentiteit beperk sal word tot die oortredings soos hierin vermeld, asook enige verdere toepaslike reëls wat ten tyde van 'n oortreding in enige grondgebied geld. In sodanige geval waar 'n ander grondentiteit hierdie Dissiplinêre Kode aanvaar setel die reëlskeppende en wetgewende gesag vir die maak van reëls binne 'n bepaalde grondentiteit by sodanige grondentiteit se direksie / bestuur en vind enige dissiplinêre sake rakende oortredings binne die bepaalde grondgebied plaas onder die gesag van sodanige grondentiteit se direksie / bestuur, hetsy by wyse van goedkeuring, opdrag of delegasie.

### B.2 Voertaal

2.1. Die voertaal in alle dokumente, prosesse en verrigtinge is Afrikaans.

2.2. Indien 'n beskuldigde nie Afrikaans magtig is nie of die behoefte het dat enige prosesse uit Afrikaans na enige ander taal vertaal moet word, rus die verpligting op daardie persoon om op eie koste 'n tolk, wat vooraf deur Regspleging goedgekeur is, te voorsien. Enige party wat 'n getuie roep wat nie-Afrikaans magtig is nie, moet op eie koste 'n tolk wat vooraf deur Regspleging goedgekeur is vir die betrokke getuie voorsien.

2.3. Afrikaanse en Engelse dokumente sal sonder amptelike vertalings as getuienis toegelaat kan word en getuienis sal in Afrikaans oor die aard, oorsprong en inhoud van die dokumente aangebied word. Indien enige party enige weergawe van 'n dokument, wat nie in Afrikaans of Engels geskryf of amptelik vertaal is nie, wil bewys of andersins gebruik tydens 'n dissiplinêre saak, moet daardie party op eie koste 'n behoorlike en korrekte vertaling daarvan in Afrikaans laat opstel en die vertaalde dokument asook die korrektheid van die vertaling uit die oorspronklike taal waarin dit voorkom, bewys.

**B.3 Toepassing van Suid-Afrikaanse Reg**

3.1 Die Suid-Afrikaanse Reg vorm die basis van alle prosesse en uitgangspunte tydens dissiplinêre sake, met dien verstandhouding dat dit, indien van toepassing, sodanig geïnterpreteer word om effek te gee aan die bedoeling en bepalings van hierdie Dissiplinêre Kode.

3.2 Die Suid-Afrikaanse Reg word verder sodanig geïnterpreteer en toegepas dat die gemeenskaplike belang en oogmerk van Orania, met inbegrip sy strewe na selfbeskikking en soos erken in die Suid-Afrikaanse Grondwet, erkenning sal geniet.

**B.4 Regsverteenwoordiging**

4.1 Die gemeenskap van Orania word deur die Hoof: Regspleging of sy gevolmagtigde verteenwoordig.

4.2 In dissiplinêre verhore, asook enige verrigtinge wat daaruit voortspruit, is beskuldigdes geregtig om bystand van 'n mede-inwoner van Orania te verkry, of van regsverteenwoordiging van 'n regspraktisyn gebruik te maak. In die geval waar 'n beskuldigde van regsverteenwoordiging deur 'n regspraktisyn gebruik maak, geskied sodanige regsverteenwoordiging op die beskuldigde se eie onkoste en met gepaardgaande reëlings wat deur die beskuldigde self getref moet word.

4.3 In die geval waar 'n beskuldigde van regsverteenwoordiging deur 'n regspraktisyn gebruik wil maak, sal die volgende van toepassing wees:

4.3.1 Die beskuldigde, of sy regsverteenwoordiger, moet die aanklaer ten minste 5 (vyf) werksdae voor die datum van die verhoor van sodanige feit dat 'n regsverteenwoordiger gebruik word skriftelik inlig.

4.3.2 Die aanklaer moet vervolgens die reëlings tref dat 'n Besoldigde Voorsittende Beampte vir die verhoor aangestel word, met dien verstande dat in die geval waar die nodige reëlings, vir welke rede ookal, nie vir die datum van die verhoor getref kan word nie, die verhoor by wyse van kennisgewing deur die aanklaer aan die beskuldigde, so gou doenlik wat dit sodanig blyk, na 'n ander datum uitgestel kan word.

4.3.3 In die geval waar 'n verhoor na 'n ander datum vir die oogmerk van die aanstel van 'n Besoldigde Voorsittende Beampte uitgestel word, sal sodanige datum en tensy die aanklaer anders aandui, nie later as een maand na die aanvanklike verhoordatum wees nie.

4.3.4 In die geval waar 'n beskuldigde nie soos vereis ten minste 5 (vyf) werksdae voor die datum van die verhoor die aanklaer skriftelik inlig dat van regsverteenwoordiging deur 'n regspraktisyn gebruik gemaak word nie, met die gevolg dat die normale voortsetting van verrigtinge benadeel word, kan die beskuldigde slegs vir 'n uitstel, onderhewig aan die Voorsittende Beampte se diskresie of die aanklaer se toestemming, voor of op die datum van die verhoor vir die oogmerk om van regsverteenwoordiging gebruik te maak vra indien:

4.3.4.1 Die beskuldigde en/of sy of haar regsverteenwoordiger 'n skriftelike skrywe deur die regsverteenwoordiger, waarin bevestig word dat hy of sy sodanig aangestel is, by die aanklaer ingedien word.

4.3.4.2 Daar behoorlike redes aangevoer word waarom die beskuldigde nie binne die voorgeskrewe tydperk aangedui het waarom van 'n regsverteenwoordiger gebruik gemaak word nie.

4.3.5 In die geval waar die verhoor vir die oogmerk van regsverteenwoordiging vir die beskuldigde na 'n latere datum uitgestel word, sal die verhoor op sodanige latere datum en waar 'n Besoldigde Voorsittende Beampte aangestel is voortgaan en verdere uitstelle nie toegestaan word nie; tensy daar dwingende en uitsonderlike redes aangevoer kan word waarom 'n verdere uitstel toegestaan moet word. Die Besoldigde Voorsittende Beampte moet spesifiek waak teen enige poging om geregtigheid in die afhandeling van die verhoor te vertraag of te belemmer.

4.4 Lede van die Regspaneel en die Orania Regsraad kan nie beskuldigdes verteenwoordig nie.

4.5 Die lede van enige grondentiteit se direksie of bestuur, sowel as lede van die Orania Verteenwoordigende Raad, kan slegs 'n beskuldigde verteenwoordig, indien daar vooraf skriftelike toestemming deur sodanige direksie, bestuur of die Orania Verteenwoordigende Raad gegee is met die bykomende duidelike bevestiging dat geen moontlike botsing van belange voorsien word nie. Die skriftelike toestemming moet voor die aanvang van die verhoor by die aanklaer ingedien word.

4.6 Enige verteenwoordiger van 'n beskuldigde sal deurentyd ten tyde en na afloop van 'n verhoor, die voorsitter daarvan se gesag erken en respekteer, sodanig optree dat die decorum van die verrigtinge nie benadeel of in gedrang gebring word nie en aan algemeen aanvaarde etiese standaarde voldoen.

**B.5 Bevoegdheid van Voorsittende Beampte en ander Paneellede**

5.1 Die regte en bevoegdhede van die Voorsittende Beampte en ander Paneellede tydens dissiplinêre sake word bepaal deur die gesag verleen uit hoofde van hierdie Dissiplinêre Kode.

5.2 Die Voorsittende Beampte is verdermeer in beheer van 'n verhoor en mag, in die afwesigheid van 'n spesifieke bepaling in hierdie Kode, sodanige besluite met inagneming van algemene bewysregtelike beginsels neem wat daartoe

sorg sal dra dat die beginsels van natuurlike geregtigheid nagekom word en 'n uitkoms wat regverdig en billik is sal laat geskied.

**B.6 Verrigtinge oop vir publiek, maar kan beperk word**

6.1 Dissiplinêre Verhore en Appèlaansoeke is, tensy deur die Voorsittende Beampte beperk of deur die reg verbied, oop vir bywoning deur persone wat oor Verblyfreg beskik.

6.2 Die Voorsittende Beampte moet toesien dat waar die reg vereis dat verrigtinge *in camera* moet plaasvind, daardie beginsels deur die Regspaneel toegepas word bykomstig tot die ander beginsels soos vervat in hierdie Dissiplinêre Kode. Vir duidelikheid, maar nie hiertoe beperk nie, word alle dissiplinêre sake vir algemene bywoning deur die publiek gesluit in die gevalle waar die beskuldigde 'n minderjarige is of waar daar 'n klag van 'n seksuele oortreding is.

6.3 Die Voorsittende Beampte het in die volgende gevalle die diskresie om bywoning van dissiplinêre sake algeheel te verbied, of dit te beperk:

6.3.1 Waar dit in belang van goeie orde is.

6.3.2 Waar dit in belang van publieke moraliteit is.

6.3.3 Waar dit in belang van die effektiewe uitvoering van die reg is.

6.3.4 Waar bywoning deur lede van die publiek 'n gevaar vir enige getuie of die beskuldigde mag inhou.

6.3.5 Waar 'n klaer insake 'n klag van afpersing of intimidasie moet getuig.

6.3.6 Waar die klaer of 'n getuie 'n minderjarige is.

6.4 Die bywoning van verrigtinge word deur die Voorsittende Beampte beperk deurdat 'n beperking op die getal van bywoners geplaas word, of dat slegs sekere waarnemers selektief die toestemming het om verrigtinge by te woon, of dat lede van die publiek sekere gedeeltes van die verrigtinge nie mag bywoon nie.

6.5 Enige lede van die publiek wat verrigtinge mag bywoon, mag slegs as waarnemers optree en sal te alle tye die gesag van die Voorsittende Beampte respekteer en sy of haar instruksies stiptelik navolg en uitvoer.

6.6 Die Voorsittende Beampte mag enige tyd die bywoning van die verrigtinge deur 'n lid van die publiek, of 'n groep, of die algehele publiek opskort, beperk, of ander gepaste maatreëls rakende die bywoning daarvan uitreik indien die Voorsittende Beampte van mening is dat dit nodig is vir goeie orde of die ordelike verloop van verrigtinge.

6.7 'n Persoon, wat op enige tydstip ten tyde van 'n verhoor 'n getuie vir enige party gaan wees, kan nie die verrigtinge as waarnemer bywoon nie.

**B.7 Rekords en Opnames van Dissiplinêre Verhore, asook Hantering van Inligting**

7.1 Volledige rekords van alle dissiplinêre sake moet vir minstens 5 (vyf) jaar deur die Hoof: Regspleging op 'n veilige plek geberg en bewaar word.

7.2 Sodanige rekords word as vertroulik beskou en moet ook so hanteer word.

7.3 Sodanige rekords sal nie vir algemene toegang of inspeksie of reprografering beskikbaar wees nie. Magtiging vir en aard en omvang van toegang tot rekords sal deur die Hoof: Regspleging bepaal word.

7.4 Afskrifte van rekords van 'n bepaalde dissiplinêre saak kan aan beskuldigdes beskikbaar gestel word vir appèl doeleindes. Beskuldigdes is egter nie geregtig op enige elektroniese opname / rekord van enige dissiplinêre saak nie, maar mag wel op afspraak met die Kantoor vir Regspleging Kantoor en by sodanige kantoor daarna luister en notas maak en indien versoek teen betaling van die redelike kostes om die opname te transkribeer, sodanige transkripsie van die elektroniese opname / rekord van die dissiplinêre saak ontvang. Die geheel van die rekord sal getranskribeer word en nie slegs 'n gedeelte daarvan nie.

7.5 Die finale uitslag van enige dissiplinêre saak, welke inligting beperk word tot die wesenlike feite, finale bevinding en vonnis, sal na die afhandeling van die dissiplinêre saak op versoek beskikbaar gestel word aan inwoners, tensy publikasie ten aansien van enige party of getuie betrokke deur die reg verbied word.

7.6 Orania Regspleging en/of die Dorpskantoor is geregtig om die uitslag van 'n verhoor binne die geledere van Orania se inwoners sowel as aan aandeelhouers te publiseer.

7.7 Die Voorsittende Beampte ten tyde van 'n Dissiplinêre Verhoor of 'n Appèlverhoor, of die aanklaer ten tyde van 'n Rondetafelgesprek, moet toesien dat die verrigtinge elektronies opgeneem word. Beraadslaging tussen lede van 'n paneel word nie elektronies opgeneem nie.

7.8 Die Hoof: Regspleging moet toesien dat alle elektroniese opnames dienooreenkomstig as rekords van dissiplinêre sake vir 'n tydperk van minstens 5 (vyf) jaar veilig bewaar word.

**B.8 Dissiplinêre sake bestaan uit Dissiplinêre Rondetafels, Dissiplinêre Verhore en Appèlverhore**

8.1 'n Verwysing na dissiplinêre sake is, afhangend van die geval, 'n verwysing na óf Dissiplinêre Rondetafels, óf Dissiplinêre Verhore, óf Appèlverhore, óf as versamelde begrip vir al die voorafgaande.

8.2 Dissiplinêre Rondetafels (of Rondetafelgesprekke) word deur die Hoof: Regspleging, of sy gevolmagtigde, met beskuldigdes gevoer aan die hand van die omstandighede en prosedure soos in hierdie Dissiplinêre Kode uiteengesit. Die Regspaneel is nie, tensy die Hoof: Regspleging anders besluit, by Rondetafelgesprekke betrokke nie.

8.3 'n Dissiplinêre Verhoor geskied voor 'n Verhoorpaneel ingevolge die prosedure soos in hierdie Dissiplinêre Kode uiteengesit.

8.4 'n Appèlverhoor geskied voor 'n Appèlpaneel ingevolge die prosedure soos in hierdie Dissiplinêre Kode uiteengesit.

**B.9 Verhoorpaneel en Appèlpaneel vir dissiplinêre sake**

9.1 Alle Verhoorpanele en Appèlpanele word deur die Hoof van die Regspaneel ooreenkomstig die bepalings van hierdie Dissiplinêre Kode uit die geledere van die Regspaneel aangewys.

9.2 Die beginsel van *nemo judex in sua cause* geld in alle sake. Dit hou in dat geen persoon die regter in sy eie saak mag wees nie. Paneellede kan uit eie beweging en met verskaffing van redes of na die toestaan van 'n behoorlik gemotiveerde aansoek deur een of meer van die partye wat ter eniger tyd gebring kan word uit 'n Paneel verskoon word. 'n Aansoek deur partye vir die verskoning en vervanging van 'n Paneellid, waar sodanige Paneellid nie hom- of haarself verskoon nie, sal deur die Hoof van die Regspaneel aangehoor en bereg word. Die beslissing van die Hoof van die Regspaneel in hierdie verband is finaal. Enige sodanige aansoek teen die Hoof van die Regspaneel, waar hy of sy deel van 'n paneel uitmaak, sal deur die Adjunk-hoof van die Regspaneel aangehoor word.

9.3 Die volgende Panele kan aangewys word vir elke dissiplinêre saak, met dien verstande dat die Hoof van die Regspaneel self op enige paneel mag dien:

9.3.1. *Verhoorpaneel*

Hierdie Paneel dien as die forum van eerste instansie vir die beslegting van dissiplinêre sake wat deur die aanklaer voor 'n paneel vir vervolging geplaas word. Hierdie Paneel word deur die Hoof van die Regspaneel saamgestel en sal, behalwe soos hieronder aangedui, uit 'n totaal van drie lede bestaan en waarvan een as Voorsittende Beampte sal dien.

In die volgende gevalle sal die Verhoorpaneel uit slegs een lid van die Regspaneel bestaan, soos deur die Hoof van die Regspaneel aangewys, met die Hoof van die Regspaneel wat die diskresie het om die paneel na drie lede uit die Regspaneel aangewys uit te brei:

9.3.1.1 Die aanhoor van 'n klagte wat teen 'n besoeker van Orania gestel word; en,

9.3.1.2 'n Dissiplinêre Verhoor wat voortspruit uit 'n geskil of 'n boete betaalbaar is al dan nie en soos deur die beskuldigde versoek voor die Regspaneel te plaas, of die geval waar 'n beskuldigde versuim of weier om 'n boete te betaal.

In enige geval waar slegs een lid van die Regspaneel 'n verhoor waarneem, sal alle verwysings na 'n Verhoorpaneel dienooreenkomstig op sodanige lid wat die verhoor waarneem van toepassing wees.

9.3.2. *Appèlpaneel*

Wanneer 'n dissiplinêre saak op appèl geneem word, sal die Hoof van die Regspaneel 'n Appèlpaneel bestaande uit drie lede aanwys en waarvan een as Voorsittende Beampte sal dien. Die Appèlpaneel sal nie die Voorsittende Beampte of Paneellede, wat uitspraak gelewer het in die Dissiplinêre Verhoor wat op appèl geneem word, insluit nie. Die Appèlpaneel word versoek om die uitslag van die Dissiplinêre Verhoor te heroorweeg na gelang van die basis en redes vir appèl en soos bepaal in terme van die Dissiplinêre Kode.

**B.10 Datums en tye vir aanhoor van Sake**

Behalwe as goeie gronde vir afwyking van hierdie reël bestaan, sal alle dissiplinêre sake aangehoor word op werksdae en gedurende normale kantoorure soos deur die Dorpskantoor gehandhaaf.

**B.11 Getuies**

Alle bevoegde getuies kan per kennisgewing opdrag ontvang om tydens dissiplinêre verhore getuienis af te lê. Getuies moet aanwesig bly by verrigtinge tot hulle verskoon word deur die Voorsittende Beampte. Dit is die plig van enige party wat getuies wil roep om op die party se eie kostes toe te sien dat hulle by die verrigtinge teenwoordig is. Die Verhoorpaneel is onder geen verpligting om enige saak op enige betrokke dag wat 'n getuie beskikbaar is af te handel nie en kan die saak vir welke redelike rede ook al na 'n ander datum uitstel.

**B.12 Fooie en kostes**

Die Dorpskantoor sal nie enige fooie en kostes vir die voer van dissiplinêre sake van die beskuldigde hef nie, behalwe sodanige redelike kostes wat gehef kan word vir transkripsies van elektroniese opnames en rekords en afskrifte van rekords op versoek van enige appellant met die oog op appèlaansoeke of vir ander geldige redes.

**B.13 Vervolging van regspersone en lede van verenigings**

13.1 Die bepalinge en werking van die Suid-Afrikaanse reg ten aansien van die vervolging van regspersone en verenigings sal in dissiplinêre sake in Orania toepassing vind.

13.2 By die vervolging van regspersone en verenigings onder die Dissiplinêre Kode sal 'n natuurlike persoon wat die bestuurder of beherende persoon of direkteur of lid of trustee daarvan vorm voor die Regspaneel gedaag word om as verteenwoordiger van die betrokke regspersoon of vereniging op die klagtes te antwoord, met dien verstande dat sodanige verteenwoordiger nie in sy persoonlike hoedanigheid skuldig bevind en gevonnis kan word nie, tensy die betrokke verteenwoordiger ook in sy persoonlike hoedanigheid in dieselfde dissiplinêre saak aangekla word.

**B.14 Bevoegde Amptenare OVD**

Die werknemers van OVD asook sodanige persoon spesifiek daartoe deur die Hoof: Veiligheid aangewys is vir doeleindes hiervan bevoegde amptenare om die prosedures en stappe waartoe OVD gemagtig word te neem en uit te voer.

**B.15 Oortredings**

15.1 Die aanklaer is geregtig en die Regspaneel daartoe bevoeg om ten aansien van enige en alle oortredings ingevolge hierdie Dissiplinêre Kode vervolging in te stel en dit volgens die prosedurele voorskrifte hierin vervat te bereg.

15.2 Die aanklaer is geregtig en die Regspaneel daartoe bevoeg om ten aansien van enige en alle oortredings ingevolge die Dorpsreëls, of enige ander stel reëls ten aansien van enige of alle grondentiteite en soos deur die betrokke of alle grondentiteite behoorlik aanvaar en in werking gestel, vervolging in te stel en dit volgens die prosedurele voorskrifte hierin vervat te bereg.

15.3 Die aanklaer kan verder ten aansien van enige kriminele oortreding onder die Suid-Afrikaanse reg en wat geag word onversoenbaar met die waardes en norme van Orania se gemeenskap te wees 'n persoon aankla, sou sodanige oortreding nie spesifiek in die Dissiplinêre Kode gelys of voor voorsiening gemaak word nie, en kan die Regspaneel sodanige aanklag bereg.

**B.16 Minderjarige kinders**

*Minderjariges as beskuldigde*

16.1 In gevalle waar 'n minderjarige ingevolge hierdie Dissiplinêre Kode aangekla word, sal die voorsitter van die Verhoorpaneel 'n persoon met 'n regsagtergrond wees, wat ook 'n regspraktisyn mag wees, welke persoon deur Orania Regspleging vir sodanige oogmerk aangestel kan word of 'n amptenaar van Orania Regspleging, uitgesluit die aanklaer, mag wees, met dien verstande dat onafhanklikheid gehandhaaf word. Sodanige persoon ontvang vir die duur van sodanige Dissiplinêre Verhoor van 'n minderjarige kind die volle gedelegeerde bevoegdheid vanaf die grondentiteite soos wat lede van die Orania Regspaneel normaalweg oor beskik.

16.2 Die Suid-Afrikaanse reg rakende die bevoegdheid van 'n minderjarige om die verrigtinge te verstaan en op 'n klagte van 'n oortreding te pleit is van toepassing.

16.3 By dissiplinêre optrede teenoor minderjarige kinders is die oorwegende faktor die moontlike korrektiewe optrede ten aansien van en rehabilitasie van die minderjarige kind. Dit moet verder in ag geneem word dat die doopbelofte en/of opvoedingstaak van kinders nie deur ouers of voogde aan skole, kerke en ander instellings afgestaan word nie en is ouers of voogde primêr verantwoordelik om sorg te dra dat kinders in 'n gesonde kultuur van dissipline en die nakoming van ook kinders se verantwoordelikhede teenoor die gemeenskap handel.

16.4 Daar sal in die gevalle waar oortredings nie ernstig is nie met die proses van 'n Dissiplinêre Rondetafel gepoog word om by wyse van gesprekke met die oogmerk om rehabilitasie en regstelling van die oortreding of gedrag te bevorder voortgegaan word. Die gesprekke sal die nodige kundigheid en belanghebbendes vanuit maatskaplike dienste, skole, OVD en kerke soos nodig betrek.

16.5 Rondetafelgesprekke stel 'n duidelik uitkoms en kan minderjarige kinders waarskuwings ontvang. Ouers en kinders kan aangemoedig word om by rehabiliterende projekte of optrede betrokke te raak.

16.6 In gevalle van sodanige oortredings deur minderjarige kinders van hierdie Kode, Dorpsreëls of ander reëls van Orania, of sodanige oortredings wat onversoenbaar met die waardes van die gemeenskap is, wat die hou van 'n Dissiplinêre Verhoor in die plek van 'n Rondetafelgesprek regverdig, sal die

volgende met die hantering van die oortreding deur 'n Verhoorpaneel van toepassing wees:

16.6.1 Dit is die oogmerk om gesonde gesinne in 'n Christelike wandel en handel te ondersteun, en optrede teen minderjarige kinders sal ook hiermee as vertrekpunt werk. Die Verhoorpaneel sit altyd in camera en geen publikasie of bekendmaking van die verrigtinge op enige wyse is toelaatbaar nie.

16.6.2 Minderjarige kinders word sover as moontlik deur 'n ouer of voog bygestaan, maar in die afwesigheid van 'n beskikbare ouer of voog moet 'n volwasse persoon met verkieslik 'n maatskaplike of verwante agtergrond aangestel word om die minderjarige kind by te staan.

16.6.3 In gevalle waar 'n oortreding of onversoenbare gedrag en gegewe 'n ernstige graad of vanweë 'n gevaar vir die gemeenskap met dringendheid mee gehandel moet word, kan die minderjarige kind dadelik voor 'n Verhoorpaneel gedaag word.

16.6.4 Minderjarige kinders mag van sekere plekke of areas in Orania vir 'n vasgestelde tydperk verbied word.

16.6.5 Waar enige rede daartoe bestaan of waar dit om regsredes vereis word, moet enige betrokkene wat met die saak van 'n minderjarige kind wat oortredings begaan of onversoenbare gedrag toon werk, die geval en besonderhede rakende die kind by 'n maatskaplike werker in Orania werksaam aanmeld. Sodanige maatskaplike werker is geregtig om met alle prosesse rakende die minderjarige kind teenwoordig te wees en bystand ten aansien van rehabiliterende prosesse te bied.

16.6.6 Waar dit duidelik blyk, nieteenstaande pogings tot rehabilitasie of regstelling van die oortreding of onversoenbare gedrag, dat die minderjarige kind en/of die ouers of voogde van die minderjarige kind nie hul samewerking gee nie en dat die oortreding of onversoenbare gedrag deur die minderjarige kind mee volhard word, welke oortreding of onversoenbare gedrag van ernstige aard is en 'n gepaste strafsanksie regverdig, kan die Verhoorpaneel ter beskerming van die gemeenskap die Verblyfreg van die ouers ophef en wat sal insluit dat die betrokke kind tesame met sy of haar ouers Orania moet verlaat. In die geval van ouers of voogde in twee afsonderlike huishoudings, kan die Verblyfreg van die ouer of voog by wie die kind primêr woon opgehef word met dien verstande dat die betrokke minderjarige kind dan ook Orania moet verlaat.

16.7 By die opheffing van Verblyfreg en soos voormelde uiteengesit sal die pogings tot rehabilitasie of regstelling van die oortreding of onversoenbare gedrag in 'n verslag uiteengesit word en wat aan die Verhoorpaneel as deel van die Dissiplinêre Verhoor ten tyde van vonnisoplegging voorgehou moet word, welke verslag deur die Verhoorpaneel in ag geneem moet word.

*Minderjariges as slagoffers*

16.8 By enige oortreding of misdryf, of by die ontvangs van relevante inligting insake enige oortreding of misdryf, waar 'n minderjarige persoon die slagoffer van enige seksuele oortreding of misdryf is, of die slagoffer van enige ander misdryf en waar daar 'n plig tot aanmelding op enige persoon rus, sal alle persone wat

sodanige klagtes ontvang of van relevante inligting voorsien word onverwyld die bystand van 'n maatskaplike werker en/of die Hoof van Regspleging verkry met die oog om volgens die korrekte prosedure sorg te dra dat sodanige oortreding of misdryf aan die relevante owerhede gerapporteer word.

16.9 Alle redelike hulp en bystand word aan 'n minderjarige slagoffer van enige oortreding of misdryf deur OVD en/of Orania Regspleging voorsien en sal enige poging of optrede deur enige persoon met die oog op intimidasie, manipulasie, die versekering van stilswye, afdreiging of verwante gedrag teenoor 'n minderjarige slagoffer as verswarende omstandighede deur 'n Verhoorpaneel by 'n klag van intimidasie teen sodanige persoon in ag geneem word.

*Minderjariges as getuies*

16.10 'n Minderjarige persoon is, met inagneming van die regsbeginsels van die Suid-Afrikaanse reg, bevoeg om as getuie voor 'n Verhoorpaneel geroep te word. Die voorsitter van 'n Verhoorpaneel moet hom- of haarself tevrede stel dat die betrokke minderjarige getuie beide 'n bevoegde getuie is en dat die minderjarige getuie die belangrikheid om die waarheid te praat verstaan.

16.11 'n Minderjarige getuie se identiteit moet beskerm word en mag nie gepubliseer word nie.

16.12 In die geval waar 'n minderjarige getuie na bewering die slagoffer van 'n seksuele oortreding was, of waar die voorsitter van die Verhoorpaneel sodanig oordeel dat dit in die beste belang van die minderjarige getuie is (en waartoe hy of sy sodanig deur enige party ook versoek mag word) moet die getuienis van die minderjarige by wyse van 'n tussenganger gelewer word. Die bepalinge van die Strafproseswet, 51 van 1977, moet sovêr as redelik moontlik hierin nagekom word.

## B.17 Bystand aan persone wat tekens toon dat hulle nie die verrigtinge verstaan nie

17.1 Persone wat vir die oortreding van hierdie Kode, enige reël van 'n grondentiteit of enige ander misdryf onder die Suid-Afrikaanse reg en wat nie in hierdie Kode vervat word nie, aangekla word, en waar dit blyk dat sodanige persoon vanweë die teenwoordigheid van 'n psigiese ongesteldheid of geestesgebrek nie die verrigtinge na behore verstaan of sy verdediging na behore kan voer nie, sal die volgende van toepassing wees:

17.1.1 Die bekamping van ernstige oortredings in Orania vereis dat persone wat geestesongesteld is nie onbelemmerd in Orania met sodanige oortredings wat onversoenbaar met die gemeenskap se waardes is voortgaan nie.

17.1.2 Die voorsitter van die Verhoorpaneel is geregtig om die nodige ondersoek te gelas met verwysing van die beskuldigde na 'n maatskaplike werker, sielkundige of verwante persoon, en sou 'n beskuldigde as verweer wil aanvoer dat hy of sy ten tyde van die pleeg van 'n oortreding nie handelingsbevoeg was nie, sal die onus op sodanige beskuldigde rus om die verweer met voldoende bewyse voor die Verhoorpaneel te plaas. Indien die voorsitter

bevind dat die persoon nie die verrigtinge na behore verstaan nie, moet die saak indien nodig uitgestel word ten einde vir die beskuldigde 'n persoon aan te stel wat hom of haar in die verrigtinge kan bystaan. Sodanige persoon wat aangestel word, is 'n Oraniër wat die belange van die beskuldigde kan verteenwoordig, maar geskied nie met 'n finansiële las op Orania Regspleging nie. Die beskuldigde kan self 'n persoon aanstel, of indien hy of sy nie daartoe in staat is nie, kan die voorsitter van die Verhoorpaneel 'n persoon aanstel.

17.1.3 Die Voorsitter van die Verhoorpaneel het die verdere verpligting om deurgaans sorg te dra dat die beskuldigde bygestaan word met die prosedure en dat hy of sy nie prosedureel benadeel word nie.

17.1.4 In die geval van dringendheid, waar die veiligheid en welstand van die gemeenskap in gevaar is, mag die aanklaer die beskuldigde se saak op 'n meer dringende basis voor die Verhoorpaneel plaas, met dien verstande dat die beskuldigde steeds die volle geleentheid kry om sy of haar saak met die nodige bystand wat redelikerwys op 'n dringende basis beskikbaar is te stel. Indien die beskuldigde se teenwoordigheid, gegewe sy of haar geestesongesteldheid, nie by die verhoor verseker kan word nie, mag die Voorsitter van die Verhoorpaneel 'n beslissing fel dat die verrigtinge in die beskuldigde se afwesigheid mag voortgaan.

**AFDELING C: JURISDIKSIE**

1. Die Orania Regspaneel en Orania Regspleging het die jurisdiksie om ten aansien van enige en alle dissiplinêre aangeleenthede soos in hierdie Kode uiteengesit, wat die oortreding van Dorpsreëls of enige ander reëls van enige grondentiteit insluit, asook enige ander strafregtelike oortreding ingevolge die Suid-Afrikaanse reg wat nie spesifiek in hierdie Kode vervat word nie, wat op die Orania Grondgebied deur enige en alle natuurlike- of regspersone gepleeg word, sodanige oortredings te bereg. Hierdie jurisdiksie geld ook oor entiteite, organisasies, klubs en verenigings wat bestaan uit aandeelhouers en/of inwoners van Orania.

2. Nieteenstaande voormelde sal die Regspaneel oor die jurisdiksie beskik om enige oortreding soos in die Kode uiteengesit deur 'n inwoner van Orania wat buite die Orania Grondgebied gepleeg of begaan word, maar waarvan die invloed daarvan negatief op die gemeenskap en Orania inwerk, te bereg.

3. Die Regspaneel het die bevoegdheid om ten aansien van besoekers aan die Orania Grondgebied wat nie oor Verblyfreg beskik nie en wat ingevolge die Kode 'n dissiplinêre oortreding begaan, 'n klagte soos deur die aanklaer gestel aan te hoor en daarop 'n beslissing te maak, met die voorbehoud dat enige vonnis indien van toepassing beperk sal wees tot die uitreik van 'n boete of 'n bepaling dat die betrokke persoon verbied word om die Orania Grondgebied te mag betree.

4. Die Regspaneel het nie die bevoegdheid om die beleid en beleidsmaatreëls van enige grondentiteit, die Verblyfregbeleidkomitee, die Orania Grond Tribunaal, die Arbeidspaneel of enige verwante instelling of komitee soos deur enige of alle grondentiteite daargestel te beoordeel, hersien of te wysig nie.

5. Hierdie Kode sal nie sodanig geïnterpreteer word dat die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse Regstelsel beperk word nie.

## AFDELING D: BEWYSREGTELIKE ASPEKTE

### D.1 Bewyslas en toepaslike reg

1.1 In alle dissiplinêre sake is die bewyslas gegrond op die oorwig van waarskynlikhede.

1.2 Die beginsels van die Bewysreg soos dit in die Suid-Afrikaanse reg en met spesifieke verwysing na die Strafproseswet toepassing vind sal in Orania se dissiplinêre sake geld, met dien verstande dat die spesifieke maatreëls en bepalinge soos in hierdie Kode uiteengesit ook toepassing sal vind.

### D.2 Erkennings van skuld

2.1 'n Persoon kan 'n skriftelike erkenning van sy skuld van enige oortreding aan OVD maak, met dien verstande dat sodanige erkenning van skuld uit vrye wil en terwyl die persoon by sy volle positiewe is gemaak word en die persoon verder by die skriftelike erkenning by elke bladsy persoonlik teken. Sodanige skriftelike erkenning sal vervolgens as 'n informele erkenning geag word en sal die onus op die aanklaer rus om, indien die vermelde erkenning deur die beskuldigde in dispuut geplaas word, die toelaatbaarheid daarvan te bewys. 'n Mondelinge erkenning deur enige persoon gemaak moet deur die aanklaer met die voorlegging van die nodige getuies / getuienis bewys word.

2.2 'n Persoon kan 'n formele erkenning van skuld van enige oortreding maak deur sodanige erkenning voor 'n lid van die Regspaneel af te lê, welke erkenning skriftelik gemaak moet word en elke bladsy daarvan deur die betrokke persoon onderteken moet word, waarna die formele erkenning by blote voorlegging daarvan aan 'n Verhoorpaneel as 'n erkenning van skuld aanvaar sal word. Indien sodanige persoon die formele erkenning in dispuut plaas, sal die onus op daardie persoon rus om te bewys dat die formele erkenning nie deur die persoon gemaak is nie, of om ander rede as sodanig erken moet word nie.

2.3 'n Erkenning voor die Verhoorpaneel van enige feit of element van 'n oortreding, ten tyde van 'n Dissiplinêre Verhoor, sal as sodanig deur die Verhoorpaneel as 'n formele erkenning geag word.

### D.3 Dwelms

3.1 Die Hoof: Veiligheid, of sy gevolmagtigde, is geregtig om te vereis dat, tensy en in soverre gebiedende wetgewing die teendeel bepaal, dat enige inwoner of besoeker van Orania Dorpsgebied deur 'n OVD amptenaar sodanige persoon of sy/haar minderjarige kinders of sy of hul woning, plek van besigheid, bagasie of voertuig mag deursoek indien daar redelike gronde bestaan dat sodanige persoon of sy/haar minderjarige kinders verbode middels of dwelms gebruik, in besit is daarvan, daarmee handeldryf en behoudens gebiedende bepalings van voormelde wetgewing beslag daarop te lê, asook van tyd tot tyd indien daar redelike gronde soos voormeld bestaan, sy/haar liggaam of

sy/haar minderjarige kinders te onderwerp aan enige redelike toetsing vir verbode middels of dwelmgebruik. Voormelde geskied met dien verstande en op voorwaarde dat:

3.1.1 In die geval van deursoeking, dat die OVD amptenaar wat sodanige deursoeking wil uitvoer 'n beëdigde verklaring moet opstel waarin die besonderhede van die persoon of plek of ander eiendom van 'n persoon wat deurgesoek moet word verskyn, dat die aard en omvang van die voorgenome deursoeking sowel as adres daarvan (indien beskikbaar) vermeld word tesame met 'n uiteensetting van die redelike gronde waarop gesteun word om die deursoeking uit te voer.

3.1.2 In die geval van toetsing, waar 'n persoon weier of versuim om hom of haar of hul minderjarige kind aan redelike toetsing te onderwerp, dat die OVD amptenaar wat die toetsing wil uitvoer 'n beëdigde verklaring moet opstel waarin die besonderhede van die persoon wat getoets moet word verskyn, sowel as 'n uiteensetting van die redelike gronde waarop gesteun word om die toetsing uit te voer.

3.1.3 Dat sodanige beëdigde verklaring met die versoek dat deursoeking of toetsing of beide kan geskied aan die Hoof van die Regspaneel, wat ook na-ure mag plaasvind, vir oorweging voorgelê word.

3.1.4 Dat die Hoof van die Regspaneel sodanige versoek sal oorweeg en bepaal welke redelike gronde vir 'n deursoeking en/of toetsing bestaan en waarop die Hoof van die Regspaneel 'n toestemming daarvoor sal uitreik.

3.1.5 Enige toestemming deur die Hoof van die Regspaneel ingevolge hiervan uitgereik, word geag spesifiek toestemming deur die eienaar van 'n betrokke grondentiteit daarvoor te wees.

3.2 In sodanige geval waar 'n persoon, of sy/haar minderjarige kinders, nieteenstaande toestemming deur die Hoof van die Regspaneel verleen, versuim of weier tot deursoeking of om 'n dwelmtoets te ondergaan kan die persoon of sy/haar minderjarige kinders vir die nienakoming van 'n bepaling ingevolge hierdie Kode vervolg word, maar kan die vonnis indien daar 'n skuldigbevinding is soos deur die Verhoorpaneel uitgereik gelykstaande wees as sou die persoon vir die besit en gebruik van dwelms aangekla en skuldig bevind wees.

3.3 Die standaard urien-toets vir die voorkoms van verbode middels soos deur OVD gebruik is afdoende bewys van die voorkoms van verbode middels in 'n persoon wat daarvoor getoets word. OVD sal prosedure volg waar die persoon van die toetsprosedure ingelig word, dat die persoon vooraf ingelig word hoe die uitslag van die toets aangedui word, dat die persoon onder beheerde omstandighede 'n urienmonster sal lewer (wat insluit dat die persoon wat getoets word op geen stadium alleen gelaat sal word tydens die neem van die monster nie), dat die urienmonster onder beheerde omstandighede gehanteer word en dat die persoon teenwoordig is as die uitslag daarvan bekend gemaak word. In die geval van 'n vroulike persoon, moet die bystand van 'n vroulike beampte verkry word.

3.4 Indien enige persoon wat positief vir die voorkoms van verbode middels toets 'n tweede toets daarvoor wil ondergaan of op enige wyse die uitslag van die toets in twyfel trek, sal die volgende van toepassing wees:

3.4.1 Die tweede toets vir verbode middels moet een wees waar 'n urienmonster of bloedmonster of hare-monster van die persoon getoets word en moet die betrokke monsters binne 24 uur nadat die uitslag van die urien-toets bekend gemaak is, of sodanige tydperk deur OVD aangedui, volgens voorskrif gelewer word. Dit is OVD se keuse welke 'n urien-toets, bloedtoets of haartoets gedoen word.

3.4.2 Die tweede toets vir verbode middels is vir die onkoste van die persoon wat getoets word en sal die toets nie voortgaan totdat die onkoste daarvan by OVD / Dorpsraad inbetaal is nie. OVD sal in hierdie opsig 'n kwotasie vir die toets kry en aan die persoon wat 'n tweede toets aanvra beskikbaar stel.

3.4.3 OVD sal 'n onafhanklike laboratorium vir die doel van die tweede toets aanstel en onder beheerde omstandighede op OVD se perseel of gekose perseel toesien en bystand lewer volgens die voorskrifte van die onafhanklike laboratorium dat die tweede toets afgelê word.

3.4.4 Indien die uitslag van die tweede toets daarop dui dat daar nie 'n voorkoms van verbode middels is nie (dus negatiewe uitslag) sal die koste van die toets deur OVD betaalbaar wees, en sal die bedrag vir die onkoste daarvan soos deur die persoon wat getoets is en vooraf betaal is aan die persoon deur OVD binne 7 dae na die uitslag ontvang is terugbetaal word.

3.4.5 In die geval waar die uitslag van die tweede toets die voorkoms van verbode middels bevestig, sal geen bedrag aan die persoon wat getoets is terugbetaal word nie en kan daar met vervolging voortgegaan word.

3.5 Die besit, handel, vervaardiging en gebruik van alle dwelmmiddels ingevolge die geldende reg, maar spesifiek en bykomend daartoe ook die gebruik van dagga (THC) en sampioene wat 'n bedwelmde effek op die persoon het, is in Orania verbode. Die besit van enige dwelm-verwante toerusting / toebehore (dwelm-parafernalia) is in Orania verbode. Enige medisinale dagga wat THC bevat is in Orania verbode.

3.6 Die toepassing van die Suid-Afrikaanse reg ten aansien van die besit en handel van dwelmmiddels sal in Orania dienooreenkomstig toepassing vind.

3.7 Vir bewysregtelike doeleindes sal 'n foto van die uitslag van die dwelmtoets, tesame met 'n verklaring deur die beampte wat die toets afgelê het, voldoende bewys van die uitslag daarvan wees. Dienooreenkomstig sal die skriftelike uitslag van die onafhanklike laboratorium ten aansien van die tweede toets ook as voldoende bewys van die uitslag daarvan wees.

3.8 'n Persoon wat uitdagings met dwelmgebruik het, kan hom- of haarself by Orania Helpmekaar aanmeld en met die oogmerk om die nodige hulp en bystand daarmee te ontvang. In sodanige geval sal die volgende van toepassing wees:

3.8.1 Waar 'n persoon hom- of haarself vir dwelmgebruik-probleme by Orania Helpmekaar aanmeld, sal sodanige aanmelding nie teen die persoon as

erkenning vir die gebruik van dwelms gebruik word nie en is die persoon gevrywaar teen vervolging.

3.8.2 Voormelde is daaraan onderhewig dat die betrokke persoon se besonderhede by OVD bevestig word, dat die persoon vanaf die datum van aanmelding geen verdere dwelms gebruik nie, dat die persoon 'n voorgeskrewe program vir rehabilitasie volg, dat daar deurlopend verslag rakende sy of haar rehabilitasie aan OVD gelewer word en dat OVD daaropvolgend steeds dwelmtoetse mag uitvoer ten einde te bepaal welke die persoon na die vrywillige aanmelding steeds dwelms gebruik.

3.8.3 Indien dit later bevind word, hetsy by wyse van 'n dwelmtoets of enige ander wyse, dat sodanige persoon steeds dwelms gebruik, kan daar met vervolging teen die persoon voortgegaan word.

3.8.4 Dit is nie moontlik om aanmelding by Orania Helpmekaar vir bystand met rehabilitasie as verweer te opper nadat die persoon reeds vir dwelms positief getoets het, of nadat die persoon enige ander vorm van dwelmverwante oortreding begaan het nie.

## D.4 Video opnames en Foto's

4.1 Die gebruik van video opnames en foto's deur OVD, hetsy statiese kameras (CCTV) of die gebruik van video opnames aan die persoon of deur 'n persoon in diens van OVD, is by voorlegging van 'n verklaring ter bevestiging van die akkuraatheid daarvan deur die betrokke OVD amptenaar toelaatbare getuienis en kan in die vervolging van enige persoon deur die aanklaer gebruik word.

4.2 Dit is nie 'n vereiste dat die betrokke OVD amptenaar, anders as met die voorlegging van 'n verklaring ter bevestiging van die akkuraatheid daarvan, self in persoon in enige verhoor ter bevestiging van die foto of video opname hoef te getuig nie, tensy die foto of video opname deur 'n beskuldigde in geskil geplaas word.

4.3 Enige ander video opnames en foto's mag deur die aanklaer, asook beskuldigde, ingevolge die normale reëls van die Bewysreg bewys word.

## D.5 Openbare dokument

5.1 Amptelike dokumente, notules, akte van oprigting, trustakte, inwoners-vereniging reëls, Dorpsreëls en ander algemene reëls soos deur grondentiteite aanvaar of gebruik word geag openbare dokumente te wees wat by blote voorlegging van 'n afskrif daarvan as voldoende bewys daarvan aanvaar en toelaatbaar is, tensy sodanige dokument in dispuut geplaas word, waarop die bevestiging van sodanige dokument en dat dit amptelik deur die betrokke grondentiteit of meerdere grondentiteite in gebruik is deur 'n relevante amptenaar of verteenwoordiger van 'n betrokke grondentiteit as voldoende bewys daarvan geag word.

**D.6 Informante en Lokvinke**

6.1 In die strewe na 'n ordelike en veilige gemeenskap kan OVD redelike en wettige metodes ter voorkoming en bekamping van misdaad inspan, wat die gebruik van informante, maar ook in uitsonderlike gevalle lokvinke, insluit.

6.2 'n Informant kan beskryf word as enige persoon wat, hetsy vrywillig, hetsy daartoe versoek, inligting van welke aard ook al rakende die voorkoms van misdaad en verwante gedrag aan OVD op 'n vertroulike basis oordra. Met "vertroulike basis" word bedoel dat die persoon inligting sodanig oordra dat die bekendmaking van die persoon se identiteit aan die oortreder / beskuldigde beskerm word.

6.3 'n Persoon kan eenmalig as informant optree met gepaardgaande versoek dat sy of haar identiteit nie bekendgemaak word of dat hy of sy versoek word om getuienis af te lê of enige ander verwante aktiwiteit hoef te ondergaan wat hom of haar aan die oortreder blootstel nie. In hierdie verband kan die aanklaer by oorweging van die omstandighede en aard van inligting deur die persoon verskaf 'n skriftelike bevestiging aan die informant asook ondersoekbeampte lewer wat bevestig dat inligting vertroulik ontvang en gehanteer word en wat, tensy later met die informant anders ooreengekom word, dienooreenkomstig sal geskied.

6.4 'n Persoon kan deur OVD as 'n informant vir 'n tydperk, of op 'n permanente basis, aangestel word. Vir hierdie doel sal die ondersoekbeampte die omstandighede en aard van inligting wat die informant aan OVD kan lewer aan die aanklaer voorlê, wat by oorweging daarvan 'n skriftelike bevestiging aan die informant asook ondersoekbeampte kan lewer wat bevestig dat inligting vertroulik ontvang en gehanteer word en wat, tensy later met die informant anders ooreengekom word, dienooreenkomstig sal geskied.

6.5 'n Informant ontvang geen vrywaring van vervolging vir enige oortreding nie en ontvang geen toestemming om aan sekere onwettige aktiwiteite met die bedoeling om inligting te verkry deel te neem nie.

6.6 'n Informant ontvang geen vergoeding vir inligting wat verskaf word nie, maar kan daar in sekere gevalle 'n versoek tot betaling van uitgawes in die verkryging van inligting voorgelê word.

6.7 'n Lokvink kan beskryf word as 'n persoon wat 'n lokval stel of van 'n bedekte operasie gebruik maak ten einde die pleging van 'n misdryf op te spoor, te ondersoek of bloot te lê en waarvan die getuienis op sodanige wyse bekom toelaatbaar sal wees indien die optrede nie verder gaan as die skepping van 'n geleentheid om 'n misdryf te pleeg nie.

6.8 In Orania word die algemene gebruik van lokvinke deur OVD nie toegelaat nie, maar en in uitsonderlike gevalle, kan 'n lokvink wel onderhewig aan die volgende aangestel word:

6.8.1 Die aanstel van 'n lokvink moet geskied in daardie geval waar daar 'n redelike vermoede bestaan dat 'n persoon of persone by die pleeg van 'n misdryf betrokke is, welke misdryf in Orania steeds voortgaan of voortgesit word, maar dat beskikbare bewyse of getuies nie voldoende vir die instel van vervolging is nie.

6.8.2 'n Versoek vir die aanstel van 'n lokvink met gepaardgaande identiteit, noodsaak, omstandighede en motivering vir die gebruik van 'n lokvink word deur die ondersoekbeampte aan die aanklaer voorgelê.

6.8.3 Die aanklaer skenk oorweging aan die versoek en indien van oortuiging dat die aanstelling van 'n lokvink genoodsaak word, stel die aanklaer 'n skriftelike motivering op wat aan die Voorsitter van die OVD Direksie voorgelê word, welke motivering in vertroulikheid oorweeg word en waarop goedkeuring skriftelik verleen word, al dan nie.

6.8.4 In die geval waar die Voorsitter van die OVD Direksie wel goedkeuring vir die aanstelling van 'n lokvink verleen, sal die aanklaer vervolgens 'n skrywe voorberei wat die aanstelling bevestig en vrywaring vir vervolging verleen solank en sovêr die optrede van die lokvink nie verder gegaan het as die geleentheid om 'n misdryf te pleeg nie.

6.8.5 In die aanstelling en hantering van lokvinke, asook oorweging van enige getuienis van lokvinke deur 'n Verhoorpaneel, word streng op die inhoud van art. 252 van die Strafproseswet, 51 van 1977 soos gewysig, ag geslaan.

6.8.6 Die Direksie van OVD kan, sonder dat die identiteit van 'n lokvink aan die lede van die Direksie anders as die Voorsitter daarvan bekendgemaak word, 'n besluit neem dat vergoeding aan 'n lokvink betaal word.

**D.7 Getuienis van afdrukke of liggaamlike voorkoms van beskuldigde**

7.1 By die oorweging van getuienis van afdrukke of die liggaamlike voorkoms van 'n beskuldigde, sal art. 225 van die Strafproseswet, 51 van 1977 soos gewysig, toepassing vind, met dien vertande dat 'n sertifikaat wat opleiding in of kwalifisering in die neem van vinger-, palm- of voetafdrukke, of enige ander ligaamlike kenmerk of identifikasie, deur 'n OVD-beampte of enige ander persoon daartoe aangestel, as voldoende bewys van kwalifikasie en bevoegdheid om sodanige getuienis in te win en te ontleed geag sal word.

**D.8 Uitkenningsparade**

8.1 Die aanklaer is daartoe geregtig om, op versoek van die ondersoekbeampte, te gelas dat 'n uitkenningsparade gehou word. Sodanige uitkenningsparade geskied by toestemming van die verdagte persoon en waar hy of sy ook dienooreenkomstig sodanige toestemming skriftelik moet aandui. Enige verdagte persoon wat weier om aan 'n uitkenningsparade deel te neem kan nie daartoe verplig word nie, maar kan dan vervolgens vir die nie-nakoming van 'n wettige opdrag deur 'n bevoegde amptenaar aangekla word.

8.2 Die hou van 'n uitkenningsparade is onderhewig aan die redelike voorskrifte en voorwaardes soos dit onder die Strafproseswet, 51 van 1977 soos gewysig, duidelik blyk. In die geval waar dit vir die Voorsittende Beampte blyk dat 'n uitkenningsparade nie onder sodanige voorskrifte en voorwaardes plaasgevind het nie, sal enige getuienis wat uit sodanige uitkenningsparade voortspruit ontoelaatbaar wees.

## AFDELING E: REGSPANEEL, ETIESE GEDRAG, HOOF VAN REGSPANEEL EN BESOLDIGDE VOORSITTENDE BEAMPTE

### E.1 Regspaneel

1.1 Die Regspaneel word ingevolge die reëls en prosedure van Orania Regspleging saamgelees met die Orania Dorpsreëls aangestel en bestaan uit inwoners wat oor Verblyfreg beskik en verkieslik oor die nodige kennis, ervaring en vaardigheid in die beslegting van dissiplinêre sake en geskille beskik.

1.2 Lede van die Regspaneel moet van tyd tot tyd soos deur Orania Regspleging bepaal opleiding ten aansien van die hantering van dissiplinêre sake ondergaan, wat deur 'n amptenaar van Orania Regspleging of 'n gekontrakteerde persoon met regsagtergrond aangebied kan word.

1.3 Die tydperk van diens deur 'n lid van die Orania Regspaneel, asook enige ander voorwaardes en bepalinge van toepassing, word deur die reëls en prosedures van Orania Regspleging bepaal.

### E.2 Hoof van Regspaneel

2.1 Die Regspaneel verkies jaarliks op sodanige tyd en wyse soos deur die Hoof: Orania Regspleging bepaal, of so gereeld soos wat 'n Hoof van die Regspaneel vervang moet word, 'n lid van die Regspaneel om as Hoof van die Regspaneel sover dit dissiplinêre sake en die uitvoering van die Regspaneel se pligte ingevolge hierdie Kode aangaan te dien. Sodanig verkose lid se naam word vir bevestiging van die aanstelling aan die Orania Regsraad voorgelê. In die geval waar die Orania Regsraad nie die verkose lid se aanstelling bevestig nie, sal die Regspaneel weer 'n lid vir die posisie verkies, wat enige lid van die paneel mag wees, wat weer voor die Orania Regsraad vir bevestiging van die aanstelling voorgelê word.

2.2 Die Regspaneel verkies jaarliks op sodanige tyd en wyse soos deur die Hoof: Orania Regspleging bepaal, of so gereeld soos wat 'n Adjunk-hoof van die Regspaneel vervang moet word, 'n lid van die Regspaneel om as Adjunk-hoof van die Regspaneel sover dit dissiplinêre sake en die uitvoering van die Regspaneel se pligte ingevolge hierdie Kode aangaan te dien. Sodanig verkose lid se naam word vir bevestiging van die aanstelling aan die Orania Regsraad voorgelê. In die geval waar die Orania Regsraad nie die verkose lid se aanstelling bevestig nie, sal die Regspaneel weer 'n lid vir die posisie verkies, wat enige lid van die paneel mag wees, wat weer voor die Orania Regsraad vir bevestiging van die aanstelling voorgelê word.

2.3 Die Adjunk-hoof van die Regspaneel vervul die rol van die Hoof van die Regspaneel indien die Hoof van die Regspaneel nie beskikbaar is nie, en beskik in sodanige omstandighede oor alle magte en bevoegdhede waaroor die Hoof van die Regspaneel ingevolge hierdie Kode mag beskik.

2.4 Die Hoof van die Regspaneel vervul die volgende funksies:

2.4.1 Enige en alle panele wat Dissiplinêre Verhore of 'n Appèl aanhoor word deur die Hoof van die Regspaneel aangestel. Die Hoof van die Regspaneel mag in hierdie opsig van die administratiewe hulp van Orania Regspleging gebruik maak.

2.4.2 Die aanhoor van enige aansoek dat 'n Paneellid van 'n Paneel wat enige verrigtinge aanhoor verskoon moet word, welke beslissing van die Hoof van die Regspaneel finaal is.

2.4.3 Die hersiening van 'n besluit deur die aanklaer om nie vervolging in te stel nie en soos in hierdie Kode uiteengesit.

2.4.4 Die hersiening van die Hoof: Regspleging se beslissing, op aansoek vanaf die appellant, dat 'n appèlaansoek nie aan die formaliteitsvereistes soos hierin vereis voldoen nie.

2.4.5 Die gee van toestemming vir die deursoeking en toetsing van persone vir die voorkoms van dwelms waar redelike gronde daarvoor bestaan, waar 'n OVD amptenaar 'n versoek daarvoor voor die Hoof van die Regspaneel plaas.

2.4.6 Die Hoof van die Regspaneel dien as die simboliese Hoof van die Regsprekende Gesag in Orania.

2.4.7 Enige verdere funksies en bevoegdhede soos in hierdie Kode vermeld en uiteengesit.

2.5 In sodanige geval waar beide die Hoof sowel as Adjunk-hoof van die Regspaneel vir welke rede ook al onbeskikbaar is, mag die Hoof: Regspleging die funksies en bevoegdhede van die ampte oorneem en uitvoer tot sodanige tyd wat hul weer beskikbaar is.

2.6 Daar is geen beletsel op die Hoof van die Regspaneel om self op enige paneel van welke aard ook al te dien nie.

**E.3 Besoldigde Voorsittende Beampte**

3.1 Orania Regspleging is geregtig om, indien die nodige hulpbronne daarvoor voorsiening maak of indien 'n beskuldigde van regsverteenwoordiging deur 'n regspraktisyn gebruik maak, 'n Besoldigde Voorsittende Beampte aan te stel. Sodanige aanstelling geskied ingevolge die prosedure, voorskrifte en vereistes van Orania Regspleging plaas, welke prosedure, voorskrifte en vereistes deur die Orania Regsraad of die vereniging Orania Regspleging aangevul en verder omskryf kan word.

3.2 In sodanige geval wat 'n Besoldigde Voorsittende Beampte deur Orania Regspleging aangestel word, sal die volgende van toepassing wees:

3.2.1 Die Orania Regsraad, of die vereniging Orania Regspleging, kan bepaal of die Besoldigde Voorsittende Beampte as voorsitter vir 'n bepaalde kategorie verhore, of vir alle dissiplinêre verhore, as voorsittende beampte daarvan moet dien.

3.2.2 Waar bepaal word dat 'n Besoldigde Voorsittende Beampte sodanige verhoor soos bepaal moet waarneem, sal die aanklaer die Hoof van die Regspaneel dienooreenkomstig inlig waarop 'n Verhoorpaneel saamgestel word wat sal bestaan uit die Besoldigde Voorsittende Beampte as voorsitter van die Dissiplinêre Verhoor, met verdere lede van die Paneel soos deur die Hoof van die Regspaneel aangedui.

3.2.3 In enige verhoor waar die Besoldigde Voorsittende Beampte as voorsitter daarvan waarneem, sal die Verhoorpaneel met twee verdere lede van die Regspaneel aangevul word.

3.2.4 Die Besoldigde Voorsittende Beampte sal alle funksies soos op die voorsitter van die Verhoorpaneel van toepassing en hierin uiteengesit vervul.

3.2.4 Indien die Besoldigde Voorsittende Beampte as voorsittende beampte 'n dissiplinêre verhoor waarneem, sal die beperking op regsverteenwoordiging deur 'n regspraktisyn vir 'n beskuldigde nie van toepassing wees nie.

**AFDELING F: DORPSREËLS EN REËLS VAN ANDER GRONDENTITEITE**

1. OAB se Direksie, soos gemagtig deur die aandeelhouers daarvan, aanvaar en implementeer van tyd tot tyd sekere Dorpsreëls wat spesifieke aangeleenthede relevant tot die reëls aanspreek. Sodanige reëls kan deur ander grondentiteite aanvaar en by sodanige grondentiteit as toepaslike reëls geïnkorporeer word.

2. Grondentiteite, anders as OAB, kan van tyd tot tyd ingevolge hul voorgeskrewe prosedure reëls aanvaar wat op die spesifieke grondentiteit van toepassing is.

3. Die aanklaer is geregtig om enige persoon, inwoner of besoeker, ten aansien van die oortreding van Orania Dorpsreëls op die grondgebied van OAB asook sodanige grondentiteit wat die betrokke Dorpsreëls aanvaar en geïnkorporeer het te laat vervolg, en het die Orania Regspaneel die jurisdiksie en bevoegdheid om sodanige aanklag aan te hoor, in sodanige gevalle wat die betrokke Dorpsreëls daarvoor voorsiening maak.

4. Die aanklaer is verder geregtig om ingevolge die reëls van enige ander grondentiteit, anders as die Dorpsreëls hierbo vermeld, sodanige persone wat die betrokke reël op die grondgebied van die grondentiteit waar die reël van toepassing is verbreek te vervolg en het die Orania Regspaneel die jurisdiksie en bevoegdheid om sodanige aanklag aan te hoor, in sodanige gevalle waar die betrokke reël van die grondentiteit daarvoor voorsiening maak.

5. In enige geval waar daar 'n dispuut ontstaan of 'n Dorpsreël, of enige ander reël van enige ander grondentiteit op 'n betrokke persoon ten aansien van die relevante oortreding van toepassing is, sal die onus op die aanklaer rus om te bewys dat die reël waaronder die persoon aangekla word wel deur OAB se direksie, of enige ander grondentiteit, afhangend van die geval, aanvaar en van toepassing is. In hierdie opsig sal 'n afskrif van die relevante gedeelte van die notule van die Direksie of bestuur van die grondentiteit waar die betrokke reël aanvaar is, of 'n skrywe ter bevestiging vanaf die direksie of bestuur of uitvoerende beampte of sekretaris van die grondentiteit waar die reël aanvaar is, as afdoende bewys dien dat die reël wel op 'n bepaalde grondentiteit van toepassing is.

6. Ten aansien van enige boete ingevolge enige Dorpsreëls deur OVD, die Dorpsraad of enige ander instelling uitgereik, of ingevolge enige ander reël deur enige ander grondentiteit uitgereik, sal die verstek posisie geld dat die ontvanger van 'n boete, waar hy 'n vertoog tot die aanklaer gerig het en nie

met die uitslag daarvan tevrede is nie, sodanige boete voor die Verhoorpaneel vir oorweging mag plaas.

7. Die Verhoorpaneel is, by skuldigbevinding, verbind tot die strafsanksie soos bepaal in die betrokke Dorpsreël of enige ander reël soos in 'n relevante grondentiteit van toepassing, tensy die reël daarvoor voorsiening maak dat 'n alternatiewe of bykomende strafsanksie ingevolge hierdie Kode aan 'n beskuldigde opgelê kan word.

## AFDELING G: DISSIPLINÊRE PROSEDURE – VOORAF PROSES

### G.1 Ontvangs van Klagtes

1.1 Enige lid van die gemeenskap asook besoekers van Orania kan by OVD klagtes indien.

1.2 Klagtes word soos volg aanhangig gemaak:

1.2.1 Alle klagtes wat by OVD se Beheerkamer aanhangig gemaak word, word in die Voorvalleboek aangeteken. Dit kan ook elektronies geskied.

1.2.2 Alle klagtes wat by OVD se ontvangs aanhangig gemaak word, word in die Inligtingsboek aangeteken. Dit kan ook elektronies geskied.

1.3 Alle klagtes wat OVD ontvang, ongeag waar dit aanhangig gemaak word, word soos volg deur OVD gehanteer:

1.3.1 Klagtes van sodanige aard dat dit nie behels dat 'n Dorpsreël oortree word wat verdere ondersoek en vervolging vereis nie, of dat die klagte 'n oortreding van Orania se Dissiplinêre Kode uitmaak nie of dat die klagte 'n kriminele daad ingevolge die Suid-Afrikaanse reg daarstel nie, word deur OVD ingevolge riglyne deur die Hoof: Veiligheid daargestel na die relevante Dorpskantoor afdeling verwys of deur OVD self gehanteer. Die resultaat van die hantering van die klag word in die Voorvalleboek of die Inligtingsboek waar die klag aangeteken is aangedui.

1.3.2 Klagtes wat handelinge van een of meer oortredings van Dorpsreëls, die Dissiplinêre Kode sowel as oortredings van 'n strafregtelike aard ingevolge die Suid-Afrikaanse reg daarstel moet deur die klaer op die voorgeskrewe *Klagte*-vorm ingevul word. OVD moet 'n persoon wat nie daartoe in staat is om 'n klagtevorm in te vul nie die nodige bystand in die verband gee. Klagtes wat verband hou met mekaar kan op een vorm ingedien word. Die toepaslike bykomende dokumente moet sodanige vorm vergesel.

1.4 OVD is geregtig om uit eie beweging oortredings van enige aard te ondersoek en ingevolge voorgeskrewe prosedure te hanteer. OVD sal veral waar daar ooglopend 'n oortreding of misdryf begaan is en geen klagte in die verband ontvang is nie, uit eie beweging ondersoek instel en die prosedure in hierdie Kode vervat volg.

1.5 Inligting of klagtes rakende oortredings kan ook anoniem aan OVD deurgegee word en moet OVD sodanige redelike stappe doen om 'n persoon wat anoniem inligting deurgee se identiteit te beskerm. Die inligting of klagte word dienooreenkomstig G.1.1.4 verder deur OVD hanteer.

1.6 Die *Klagte*-vorm word verwys na die Ondersoekbeampte. 'n Unieke volgnommer word aan die klagte toegeken en elke klagte word in die Klagte Register aangeteken.

1.7 In gevalle waar die Ondersoekbeampte van mening is dat 'n klagte na hom verwys nie regverdig dat 'n dossier oopgemaak moet word nie sal die Ondersoekbeampte sorg dra dat die betrokke klagte deur OVD ingevolge riglyne deur die Hoof: Veiligheid daargestel na die relevante Dorpskantoor afdeling verwys of deur OVD self gehanteer word terwyl die resultaat van die hantering van die klag in die Voorvalleboek of die Inligtingsboek waar die klag aangeteken is aangedui word. Voormelde sal slegs gebeur waar die klagte deur die Ondersoekbeampte ontvang:

1.7.1 nie 'n oortreding van 'n Dorpsreël, ander reël van 'n grondentiteit of die Dissiplinêre Kode uitmaak nie;

1.7.2 nie van strafregtelike aard onder die Suid-Afrikaanse reg is nie; of,

1.7.3 OVD by magte is om en ingevolge 'n magtigende Dorpsreël en voorgeskrewe prosedure 'n boete vir 'n oortreding uit te reik, wat nie die oopmaak van 'n dossier vereis nie.

1.8 In gevalle waar OVD van mening is dat 'n klagte eerder siviel van aard is, sal OVD die inligting verwys na Orania Regspleging vir 'n beslissing ten einde te bepaal of die klagte deur OVD volgens voorgeskrewe prosedure gehanteer moet word of dat die saak deur Orania Regspleging as siviele saak gehanteer moet word. Die klaer sal deur OVD van die besluit ingelig word. Sake wat ooglopend siviel van aard is kan direk na Orania Regspleging verwys word, met dien verstande dat Regspleging sake ter enige tyd na OVD kan terugverwys.

1.9 Nieteenstaande voormelde en waar dit nodig blyk, sal die aanklaer geregtig wees om direk vanuit die gemeenskap klagtes te ontvang, self te ondersoek of vir ondersoek na die Ondersoekbeampte te verwys en vir verhoor voor 'n Verhoorpaneel te plaas of 'n Dissiplinêre Rondetafel te hou. Die aanklaer is hierin geregtig om alle redelike stappe ten aansien van die vervolging van 'n saak te onderneem.

## G.2 Ondersoek en Uitslag van Ondersoek

2.1 Na ontvangs van klagtes moet die Ondersoekbeampte sodanige stappe neem en waar dringendheid vereis word dienooreenkomstig optree met die oogmerk om 'n behoorlike dossier van getuienis en bewysstukke vir oorweging tot vervolging voor te berei. Vir hierdie oogmerk word 'n dossier oopgemaak en waarin 'n lys van bewysstukke sowel as ondersoekdagboek bygehou word.

2.2 Die Ondersoekbeampte kan alle redelike stappe soos in die reg toelaatbaar neem om die nodige inligting, getuienis en verklarings oor die klagte in te win en is inwoners daartoe verplig, tensy enige bepaling in die reg anders mag aandui, om aan die Ondersoekbeampte die nodige bystand ten aansien van enige ondersoek te gee. Die ondersoekbeampte is geregtig, tensy die teendeel blyk, om die bepalings van art. 37 van die Strafproseswet, 51 van 1977 soos gewysig, deur te voer, by versuim deur die beskuldigde om ingevolge daarvan die nodige samewerking te gee die beskuldigde vir die nie-nakoming van 'n bepaling deur 'n bevoegde amptenaar aangekla kan word.

2.3 Alle dokumente en verklarings wat verband hou met klagtes wat op een vorm ingedien word, moet behoorlik gemerk word en die oorspronklikes moet in die ondersoek dossier gehou word.

2.4 Indien oorspronklike dokumente of verklarings vir enige doel uit die ondersoek dossier verwyder word, moet 'n gesertifiseerde afskrif daarvan in die plek daarvan ingevoeg word en 'n ondertekende bewys van oorhandiging van die oorspronklike met aantekening van die doel van oorhandiging daarvan moet op die gesertifiseerde afskrif aangebring word.

2.5 Alle relevante bewysstukke moet deur die Ondersoekbeampte in veilige bewaring geneem en gemerk word met identifiseerbare volgnommers. Bewyse van ontvangs van bewysstukke moet gegee word en afskrifte moet in die ondersoek dossier geplaas word en die aksie moet aangeteken word in die ondersoek dagboek.

2.6 Bewysstukke word tot en met die Dissiplinêre Verhoor in die sorg van die Ondersoekbeampte geplaas of andersins bewaar op 'n wyse wat die integriteit en bewyswaarde van die bewysstukke sal beskerm.

2.7 Die Ondersoekbeampte moet skriftelik of mondeling aan die Verhoorpaneel by 'n Dissiplinêre Verhoor verklaar dat daar nie met die bewysstukke, wat tydens die verhoor gebruik word, gepeuter is nie.

2.8 Bewysstukke word na afloop van 'n Dissiplinêre Verhoor of na 'n besluit van die aanklaer om nie te vervolg nie aan die regmatige eienaar of aanspraakmaker oorhandig met erkenning van ontvangs wat geteken moet word en in die ondersoek dossier geplaas moet word. Bewysstukke wat nie binne 2 (Twee) jaar in ontvangs geneem word nie, mag deur OVD na gelang van die aard van die bewysstukke vernietig word of op openbare veiling verkoop word.

2.9 Nadat die ondersoek deur die Ondersoekbeampte afgehandel is lê die Ondersoekbeampte die volledige ondersoek dossier aan die aanklaer voor vir 'n beslissing.

2.10 Alle klagtes verdien om met toewyding en sonder oponthoud deur die Ondersoekbeampte ondersoek en in 'n dossier saamgevat of op ander gepaste wyse mee gehandel te word.

## AFDELING H: DISSIPLINÊRE PROSEDURE – AANKLAER PROSES

1. Na oorweging van alle beskikbare inligting, getuienis en verklarings, beslis die aanklaer of vervolging moet plaasvind en of vervolging nie moet plaasvind nie. Die aanklaer het die diskresie om te bepaal of daar voldoende gronde en getuienis is om dissiplinêr te vervolg al dan nie. Daardie beslissing is finaal, tensy die besluit op hersiening deur die Hoof van die Regspaneel tersyde gestel word en soos hieronder uiteengesit.

2. Die aanklaer het die diskresie om die Ondersoekbeampte te versoek om verdere ondersoek te doen en kan spesifieke vrae of versoeke in die verband rig alvorens 'n finale beslissing gemaak word.

3. Die aanklaer het die diskresie oor die gronde vir vervolging en watter klagtes teen die vermoedelike oortreder of oortreders aanhangig gemaak sal word. Die aanklaer het ook die diskresie om te besluit welke dissiplinêre vervolging by wyse van 'n verhoor ingestel word, en of die aanklaer 'n proses om afwenteling by wyse van 'n Dissiplinêre Rondetafelgesprek gaan volg.

4. In die geval waar die aanklaer die besluit neem om nie te vervolg nie, sal die klaer(s) geregtig wees om redes vir die besluit om nie te vervolg nie aan te vra.

5. Die beslissing van die aanklaer kan op goeie gronde deur die klaer(s) of 'n ander belanghebbende op hersiening geneem word deur die beslissing met verskaffing van skriftelike redes na die Hoof van die Regspaneel te verwys vir hersiening daarvan.

6. Die Hoof van die Regspaneel kan toepaslike inligting inwin, met die aanklaer en Ondersoekbeampte vergader en die aangeleentheid oorweeg en 'n besluit neem of die aanklaer gelas moet word om vervolging in te stel en die klagte na 'n Dissiplinêre Verhoor te verwys al dan nie.

7. Die besluit van die Hoof van die Regspaneel ten opsigte van die hersiening sal finaal wees.

8. Die Hoof van die Regspaneel stel die klaer(s) skriftelik in kennis van die besluit met 'n opgaaf van redes.

9. Die aanklaer is geregtig om op enige stadium klagtes wat voorheen teruggetrek is, of nie aan die beskuldigde gestel is nie, of nie op 'n bepaalde tyd ingestel is nie, weer in te stel en met vervolging daarvan voort te gaan.

## AFDELING I: DISSIPLINÊRE PROSEDURE – AANLOOP TOT VERHOOR

### I.1 Instel van vervolging: Dissiplinêre Verhoor

1.1 Indien beslis of besluit word om vervolging in te stel en die klagte(s) na 'n Dissiplinêre Verhoor te neem, stel die aanklaer die vervolging namens die gemeenskap van Orania teen die beskuldigde(s) in.

1.2 Die aanklaer stel die klagstaat op wat alle aanklagtes, met verwysing na die bepalings van die Dissiplinêre Kode, toepaslike Dorpsreël of ander reël van toepassing in 'n bepaalde grondentiteit, of die betrokke oortreding ingevolge die Suid-Afrikaanse reg en nie in die Kode vervat nie, omskryf. Voldoende inligting moet vir elke aanklag in die klagstaat vervat word om 'n pleit van skuldig of onskuldig moontlik te maak. Aanklagtes word opeenvolgend genommer in die klagstaat.

1.3 Die aanklaer bepaal die datum, tyd en plek van die Dissiplinêre Verhoor, met dien verstande dat die lede van die Verhoorpaneel sowel as getuies en die beskuldigde sover moontlik in ag geneem word, maar kan die verhoor in die afwesigheid van die beskuldigde soos hierin uiteengesit voortgesit word.

1.4 Die aanklaer rig 'n versoek aan die Hoof van die Regspaneel om 'n Verhoorpaneel sowel as Voorsittende Beampte daarvan vir die voorgenome Dissiplinêre Verhoor aan te wys. Die aanklaer moet sodanige inligting oor die klagtes, getuies en beskuldigdes aan die Hoof van die Regspaneel voorsien as

wat vir hom nodig is om 'n onpartydige Verhoorpaneel aan te wys. In die geval waar sodanige Verhoorpaneel nie binne 'n tydperk van drie dae nadat die versoek gerig is aangewys is nie, is die aanklaer geregtig om voort te gaan en die nodige aanstelling te maak.

1.5 Na samestelling van die Verhoorpaneel stel die aanklaer die nodige kennisgewings vir die beskuldigde en indien nodig die getuies op. Die beskuldigde ontvang die *Kennisgewing van Dissiplinêre Verhoor*. Sodanige kennisgewings word deur die ondersoekbeampte, of 'n ander OVD amptenaar deur die Hoof: Veiligheid vir daardie doel aangewys, so gou doenlik beteken. 'n Dissiplinêre Verhoor, behalwe waar dringende omstandighede met goeie gronde daartoe verstrek die teendeel vereis, vind nie minder as 10 kalenderdae na ontvangs van die kennisgewing deur die beskuldigde plaas nie.

1.6 Die *Kennisgewing van Dissiplinêre Verhoor* moet die volgende inligting bevat:

1.6.1 Inligting wat die beskuldigde(s) voldoende identifiseer of so goed as moontlik identifiseer op die beskikbare inligting.

1.6.2 Die saaknommer wat toegeken word.

1.6.3 Die datum, tyd en plek van die voorgenome verhoor.

1.6.4 Die aard en beskrywing van elke aanklagte wat geformuleer word in 'n klagstaat aangeheg tot die kennisgewing aan die beskuldigde gerig en met elke aanklag opeenvolgend genommer.

1.6.5 Reëlings vir toegang tot en beskikbaarstelling van toepaslike inligting, bewysstukke en/of dokumente, indien dit nie risiko's inhou nie.

1.6.6 Besonderhede van die aangewese Voorsittende Beampte en lede van die Verhoorpaneel.

1.7 Die getuies moet 'n kennisgewing ontvang wat aandui wie die beskuldigde is, wat die aard van die klagtes is (maar word die klagstaat nie aangeheg nie), wat die plek, datum en tyd van die verhoor is en wie die voorsittende beampte is.

1.8 Die saaknommer op die dossier, of die verwysing soos deur die aanklaer bepaal vir doeleinde van interne administrasie, word aan 'n saak toegeken en alle opvolgende kennisgewings en dokumentasie wat met die saak verband hou word dienooreenkomstig deur die saaknommer of verwysing aangedui.

1.9 Die saak word, waar vervolging ingestel word, verwoord as "Die Gemeenskap van Orania versus [die name van die beskuldigdes in nommer volgorde wat die aanklaer bepaal]".

1.10 Die aanklaer is geregtig om die klagstaat tot en met die aanvang van die Dissiplinêre Verhoor voor 'n Verhoorpaneel te wysig, om verdere aanklagtes by te voeg of om aanklagtes daarvan te verwyder, met dien verstande dat die beskuldigde in sodanige geval waar die klagstaat vandat hy die *Kennisgewing van Dissiplinêre Verhoor* ontvang tot en met die aanvang van die verhoor voor die Verhoorpaneel gewysig word geregtig is om met die aanvoer van goeie rede uitstel van die verhoor te versoek.

**I.2 Skakeling na buite Orania**

2.1 Waar 'n dissiplinêre oortreding ook 'n misdaad binne die Suid-Afrikaanse reg daarstel, sal die klaer ter eniger tyd geregtig wees om ook die saak by die Suid-Afrikaanse Polisiediens of ander toepaslike owerhede aan te meld en sal die aanklaer en ondersoekbeampte die nodige hulp aan die Suid-Afrikaanse Polisie soos vereis verskaf.

2.2 Kriminele ondersoeke of vervolging deur die Suid-Afrikaanse owerhede sal nie gelyklopende dissiplinêre stappe in Orania stuit nie, maar die aanklaer kan in die belang van effektiewe vervolging besluit om vervolging in Orania hangende die vervolging deur Suid-Afrikaanse owerhede op te skort of uit te stel tot 'n latere stadium, of kan die aanklaer besluit om nie met vervolging in Orania voort te gaan nie. Vervolging in Orania onder hierdie Dissiplinêre Kode moet nie kriminele ondersoeke of vervolging deur die Suid-Afrikaanse owerhede onnodig vertraag, belemmer of ontspoor nie.

2.3 Die aanklaer, ondersoekbeampte of enige ander amptenaar is geregtig om enige kriminele oortreding uit eie beweging by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aan te meld en is verplig om sodanige aanmelding te doen of toe te sien dat aanmelding geskied in gevalle waar 'n plig tot aanmelding op hul mag rus.

**I.3 Bediening van kennisgewings en getuie dagvaardings**

3.1 Bediening van die *Kennisgewing van Dissiplinêre Verhoor* sal deur die Ondersoekbeampte gedoen word, of 'n ander OVD amptenaar soos deur die Hoof: Veiligheid daarvoor aangewys, wie 'n bevoegde getuie sal wees oor die handelinge en stappe wat tydens bediening gevolg is.

3.2 Die *Kennisgewing van Dissiplinêre Verhoor* sal op 'n beskuldigde bedien word deurdat 'n afskrif daarvan aan die beskuldigde persoonlik oorhandig word en die inhoud daarvan aan die beskuldigde verduidelik word.

3.3 Indien bediening, soos bepaal in klousule I.3.2 nie moontlik is nie, moet die Ondersoekbeampte sodanige redelike pogings aanwend wat nodig blyk of mag wees om die *Kennisgewing van Dissiplinêre Verhoor* onder die aandag van die beskuldigde te bring, wat die volgende metodes kan insluit maar nie daartoe beperk is nie:

3.3.1 'n afskrif daarvan kan in 'n verseëlde koevert welke geadresseer is aan die naam en van van die beskuldigde, oorhandig word aan enige persoon, oënskynlik of werklik ouer as 16 (sestien) jaar en op die stadium van bediening in beheer van die perseel waar bediening plaasvind, by die gekose fisiese adres of die normale woonplek of werksplek van die beskuldigde in die tydelike afwesigheid van die beskuldigde; of

3.3.2 'n afskrif daarvan kan in 'n verseëlde koevert welke geadresseer is aan die naam en van van die beskuldigde aan die hoof ingang tot die beskuldigde se normale woonplek aangeheg word; of

3.3.3 'n afskrif daarvan kan per e-pos aan die beskuldigde se gekose e-pos adres versend word met 'n elektroniese afleweringsverslag wat aangeskakel word; of

3.3.4 'n boodskap word elektronies na die bekende foonnommer van die beskuldigde versend waarin hy of sy van die Dissiplinêre Verhoor in kennis gestel word en dat verdere inligting daarvan by die Ondersoekbeampte beskikbaar is.

3.4 In sodanige geval waar die persoonlike betekening nie moontlik was nie en die Ondersoekbeampte van alternatiewe metodes gebruik gemaak het, moet die aanklaer in die geval waar die beskuldigde by die Dissiplinêre Verhoor afwesig is die nodige getuienis en bewysstukke aan die Verhoorpaneel voorlê om hul tevrede te stel dat redelike pogings aangewend is om betekening te laat geskied.

**I.4 Versoeke tot Uitstel van die Dissiplinêre Verhoor of Beswaar teen enige lid van die Verhoorpaneel**

4.1 Indien die beskuldigde 'n versoek tot uitstel van die Dissiplinêre Verhoor wil rig, moet sodanige versoek so gou doenlik as wat die omstandighede of rede daarvoor ontstaan aan die aanklaer gekommunikeer word. Die oogmerk is dat versoeke tot uitstel nie eers by die aanvang van 'n Dissiplinêre Verhoor gerig moet word nie, alhoewel daar geen beletsel op enige party berus om by die aanvang of ten tyde van 'n Dissiplinêre Verhoor vir goeie rede om uitstel te vra nie.

4.2 Die aanklaer het die diskresie om by ontvangs van 'n versoek tot uitstel deur die beskuldigde, tot sodanige versoek tot uitstel in te stem of om die versoek af te wys. In die geval waar tot die versoek tot uitstel ingestem word, moet 'n nuwe datum vir die Dissiplinêre Verhoor vasgestel word en wat met die nodige kennisgewings gepaard moet gaan. In die geval wat 'n versoek tot uitstel deur die aanklaer afgewys word, is die beskuldigde nog steeds geregtig om sodanige versoek tot uitstel voor die Voorsittende Beampte van die Verhoorpaneel te plaas en wat sodanige versoek sal oorweeg.

4.3 Die aanklaer is geregtig om, indien omstandighede dit vereis, die Dissiplinêre Verhoor met gepaardgaande kennisgewing aan alle betrokkenes voor die aanvang van die verhoor na 'n spesifieke datum of onbepaald uit te stel.

4.4 Indien enige party 'n beswaar, van welke aard ook al, teen 'n lid van die Verhoorpaneel se teenwoordigheid daarvan wil opper, moet sodanige beswaar so gou doenlik as wat kennis van die lede van die Verhoorpaneel tot 'n party kom geopper word. Kennis van die beswaar moet skriftelik by die Hoof: Regspleging ingedien word en waarop die betrokke lid of lede waarteen die beswaar geopper word 'n geleentheid gegun word om die beswaar te oorweeg en uit eie beweging aan die saak te onttrek, al dan nie.

4.5 Indien 'n lid of lede van die Verhoorpaneel teen wie 'n beswaar geopper is aandui dat daar nie van die saak onttrek word nie, moet die party wat 'n beswaar opper so gou doenlik die aansoek dat die betrokke lid of lede moet onttrek voor die aanvang van die Dissiplinêre Verhoor voor die Hoof van die Regspaneel vir 'n beslissing plaas. Die aansoek word weer by die Hoof: Regspleging ingedien wat dit onverwyld aan die Hoof van die Regspaneel lewer.

4.6 'n Beswaar teen 'n lid van die Verhoorpaneel moet met goeie rede en motivering aan die Hoof van die Regspaneel voorgelê word. Die Hoof van die Regspaneel kan ten aansien van die beswaar soos ontvang verdere gesprek voer met die party wat die beswaar geopper het, die teenparty sowel as die lede van die betrokke Verhoorpaneel voordat hy 'n besluit neem. Die beslissing van die Hoof van die Regspaneel welke 'n lid van die Verhoorpaneel op grond van enige beswaar geopper verskoon moet word al dan nie, is finaal. Indien 'n lid van die Verhoorpaneel verskoon word, stel die Hoof van die Regspaneel 'n ander lid daarvan aan.

4.7 In sodanige geval wat 'n beswaar teen die Hoof van die Regspaneel, in sy of haar hoedanigheid as lid van die Verhoorpaneel, geopper word, sal die Adjunk-hoof van die Regspaneel die beswaar ingevolge hierdie Kode oorweeg.

4.8 Geen beswaar teen 'n lid van die Verhoorpaneel sal op die dag wat die Dissiplinêre Verhoor plaasvind aangehoor word nie.

## AFDELING J: DISSIPLINÊRE PROSEDURE - VERHOOR

### J.1 Prosedure tydens Dissiplinêre Verhore

1.1 'n Dissiplinêre Verhoor word in hierdie Kode uiteengesit en prosedureel gehanteer op die volgende wyse:

1.1.1 Daar is bepalings hierin uiteengesit van toepassing ter aanvang van die verhoor en soos uiteengesit in J2.

1.1.2 Die eerste gedeelte van die verhoor is die verhoor op meriete, dit wil sê sodanige proses om te bepaal of die beskuldigde(s) aan die aanklagte(s) skuldig is al dan nie en soos uiteengesit in J3.

1.1.3 Die tweede gedeelte van die verhoor is die verhoor op vonnis, dit wil sê sodanige proses om te bepaal, in daardie gevalle waar 'n beskuldigde(s) wel skuldig bevind is, wat die vonnis in opvolging van die skuldigbevinding sal wees en soos uiteengesit J4.

1.1.4 Daar is vervolgens prosedure wat na afloop van die verhoor (beide verhoor op meriete en op vonnis is dus afgehandel) gevolg word en soos uiteengesit in J5.

1.1.5 Sekere algemene bepalings is van toepassing soos uiteengesit in J6.

1.2 Vir duidelikheid word dit beklemtoon dat die geheel van die inhoud van hierdie Dissiplinêre Kode, soos relevant, prosedureel en andersins by die prosedure vir 'n Dissiplinêre Verhoor van toepassing is.

### J.2 Bepalings ter aanvang van Dissiplinêre Verhoor

2.1 Ter aanvang van die verrigtinge stel die Voorsittende Beampte die Verhoorpaneel aan die partye voor, verduidelik die prosedures asook die regte en verpligtinge van die beskuldigde(s) tydens die verrigtinge, bevestig met die partye dat al die formaliteite behoorlik nagekom is en dat hulle gereed is om met die Dissiplinêre Verhoor voort te gaan.

2.2 Die Voorsittende Beampte moet toesien dat 'n elektroniese opname van die Dissiplinêre Verhoor gemaak word en soos ingevolge hierdie Dissiplinêre Kode vereis. Indien 'n elektroniese opname van die verhoor, vir welke rede ook al, nie moontlik is nie, moet volledig van die verhoor notule gehou word.

2.3 Alle besware oor formaliteite moet ter aanvang van die Dissiplinêre Verhoor aangehoor en hanteer word.

2.4 Indien enige party met die aanvang van die Dissiplinêre Verhoor, of ten tyde daarvan, 'n aansoek om uitstel bring, word sodanige aansoek deur die Voorsittende Beampte oorweeg. Aansoeke om uitstel op die dag van die Dissiplinêre Verhoor moet met goeie en dwingende redes gepaardgaan voordat dit goedgekeur word.

2.5 Voordat daar met die verhoor op meriete voortgegaan word, dus voordat die beskuldigde versoek word om op die aanklagte(s) te pleit, moet die Voorsittende Beampte toesien dat alle getuies van beide partye die vertrek waar die Dissiplinêre Verhoor gehou word verlaat.

**J.3 Verhoor op Meriete**

3.1 Indien die partye gereed is om met die Dissiplinêre Verhoor voort te gaan, stel die aanklaer die aanklagte(s) aan die beskuldigde en gee 'n kort oorsig van die inhoud daarvan.

3.2 Die Voorsittende Beampte versoek elke beskuldigde om aan te dui of die beskuldigde die aanklagte(s) verstaan en gereed is om op die klagte(s) te pleit. Die Voorsittende Beampte sien toe dat redelike verduidelikings ter opheldering gegee word om elke beskuldigde in staat te stel om op die aanklagte(s) te kan pleit.

3.3 Die beskuldigde kry die geleentheid om te pleit op elke aanklag soos voorgehou en mag ook toeligting verskaf op sy of haar pleit om elemente te erken of buite dispuut te plaas. Die Voorsittende Beampte mag leiding gee ten einde die verrigtinge ordelik te laat verloop en die duur van verrigting in te perk waar moontlik.

*Pleit van skuldig*

3.4 Indien 'n beskuldigde skuldig pleit, volg die volgende prosedure:

3.4.1 Die Voorsittende Beampte mag vrae vra om seker te maak dat al die elemente van die aanklag waarop skuldig gepleit word wel erken word of buite dispuut geplaas word en dat die pleit van skuldig korrek aangebied is.

3.4.2 Die Voorsittende Beampte mag in konsultasie met ander lede van die Verhoorpaneel en in sy of haar diskresie die beskuldigde se pleit verander van skuldig na onskuldig, indien dit blyk dat een of meer van die elemente van die bepaalde aanklag nie erken word nie of nie buite dispuut geplaas word nie.

3.4.3 Indien die Voorsittende Beampte in konsultasie met die ander lede van die Verhoorpaneel tevrede is na afloop van die pleit dat 'n pleit van skuldig korrek aangebied is, vind die volgende plaas:

3.4.3.1 ‘n Skuldigbevinding word aangeteken teen elke aanklag waarop skuldig gepleit is.

3.4.3.2 Die prosedure na afloop van ‘n pleit van onskuldig word deurgevoer vir elke oorblywende aanklagte waarop onskuldig gepleit is of waarvan die pleit van skuldig verander is na onskuldig.

3.4.3.3 Na afloop van al die verrigtinge en nadat bevindings van skuldig of onskuldig op elke aanklag gemaak is, sal die prosedure vir die oorweging van gronde vir strafverswaring en strafversagting by verhoor op vonnis afgehandel word.

*Pleit van onskuldig*

3.5 Indien ‘n beskuldigde onskuldig pleit op enige aanklag of indien ‘n pleit van onskuldig op enige aanklag teen ‘n beskuldigde aangeteken word, volg die volgende prosedure:

3.5.1 Die Aanklaer voer die Gemeenskap van Orania se Saak aan as volg:

3.5.1.1 Die aanklaer roep die getuie(s) namens die Gemeenskap van Orania een na die ander om hulle getuienis te lewer. Bewysstukke en dokumente moet deur middel van getuienis of by ooreenkoms tussen die partye opgehandig word en moet deur die Voorsittende Beampte afsonderlik genommer en geïdentifiseer word en ingelees word in die rekord nadat dit bewys is.

3.5.1.2 Die beskuldigde kry geleentheid om elke getuie onder kruisverhoor te neem. Die Voorsittende Beampte moet toesien dat die beskuldigde hierdie reg verstaan en behoorlik uitoefen en ook die gevolge verstaan indien behoorlike kruisondervraging en stellings aan getuies oor hulle getuienis nie behoorlik uitgeoefen word nie.

3.5.1.3 Die aanklaer kry geleentheid om elke getuie na kruisondervraging aan herondervraging te onderwerp.

3.5.1.4 Nadat die aanklaer herondervraging, indien enige, afgehandel het, kan lede van die Verhoorpaneel onder leiding van die Voorsittende Beampte vrae ter opheldering aan ‘n getuie rig. Die Verhoorpaneel moet daarteen waak om nie ’n getuie onder kruisondervraging te neem nie.

3.5.1.5 Nadat die aanklaer al die getuienis namens die Gemeenskap van Orania aangebied het, sluit die aanklaer die Gemeenskap van Orania se saak.

3.5.2 Indien die Gemeenskap van Orania nie ‘n *prima facie* saak op enige van die aanklagtes teen ‘n beskuldigde bewys het na sluit van die Gemeenskap van Orania se saak nie, mag die Verhoorpaneel die beskuldigde onskuldig bevind en ontslaan na aanhoor en oorweging van die partye se vertoë en deeglike oorweging van die bewese getuienis. Die onus rus op die beskuldigde in hierdie verband om die nodige aansoek om ontslag by die sluiting van die Gemeenskap van Orania se saak voor die Verhoorpaneel te plaas.

3.5.3 Indien die beskuldigde op enige aanklag nie onskuldig bevind word en ontslaan word soos voorsien in klousule J.3.5.2 nie, kry die beskuldigde die geleentheid om sy of haar saak aan te voer. Dit gebeur as volg:

3.5.3.1 Die beskuldigde getuig self as eerste getuie, indien die beskuldigde aandui dat hy of sy self wil getuig, en roep daarna die beskuldigde se getuie(s) een na die ander om hulle getuienis te lewer. Bewysstukke en dokumente moet deur middel van getuienis of by ooreenkoms tussen die partye opgehandig word en moet deur die Voorsittende Beampte afsonderlik genommer, geïdentifiseer en ingelees word in die rekord nadat dit bewys is.

3.5.3.2 Die aanklaer kry geleentheid om die beskuldigde, indien hy of sy getuig, asook die beskuldigde se getuie/s onder kruisverhoor te neem.

3.5.3.3 Die beskuldigde kry geleentheid om elke getuie na kruisondervraging aan herondervraging te onderwerp.

3.5.3.4 Nadat die beskuldigde herondervraging, indien enige, afgehandel het, kan lede van die Verhoorpaneel onder leiding van die Voorsittende Beampte vrae ter opheldering aan 'n getuie rig. Die Verhoorpaneel moet daarteen waak om nie 'n getuie onder kruisondervraging te neem nie.

3.5.3.4 Nadat die beskuldigde al die getuienis aangebied het, sluit die beskuldigde sy of haar saak.

3.5.4 Indien meerdere beskuldigdes in een saak aangekla word:

3.5.4.1 Sal elke beskuldigde die geleentheid gegee word om sy of haar saak afsonderlik en behoorlik en volledig aan te bied, met die Voorsittende Beampte wat mag bepaal in welke volgorde elkeen hulle sake sal aanbied.

3.5.4.2 Sal elke beskuldigde afsonderlik en opeenvolgend die getuies van die Gemeenskap van Orania onder kruisverhoor mag neem.

3.5.5 Nadat al die partye hulle sake gesluit het, kry die partye geleentheid vir slotbetoë. Die aanklaer begin met slotbetoog en daarna kry die beskuldigde die geleentheid om 'n slotbetoog te lewer. Indien meerdere beskuldigdes aangekla word, kry elkeen opeenvolgend die geleentheid om 'n slotbetoog te lewer.

3.5.6 Na afloop van die slotbetoë, verdaag die Voorsittende Beampte die verrigtinge vir 'n tydperk wat die Verhoorpaneel nodig ag om die getuies, bewysstukke en slotbetoë in oorweging te neem en die uitkoms van die Dissiplinêre Verhoor op meriete te bepaal. Die Voorsittende Beampte mag, indien omstandighede dit noodsaak, die verhoor na 'n ander datum vir uitspraak uitstel.

3.5.7 By hervatting van die verrigtinge gee die Voorsittende Beampte uitspraak oor die uitkoms van die verhoor op meriete en verklaar of die beskuldigde(s) skuldig of onskuldig bevind word met verwysing na elkeen van die aanklagte opeenvolgend. Redes vir die uitspraak kan onmiddellik gegee word of op 'n latere stadium, maar:

3.5.7.1 Indien die beskuldigde(s) onskuldig bevind word, nie later as vyf dae nadat uitspraak op meriete gelewer is nie.

3.5.7.2 Indien die beskuldigde(s) skuldig bevind word, nie later as vyf dae nadat die uitspraak op vonnis gegee is nie.

3.5.8 Indien 'n beskuldigde(s):

3.5.8.1 Onskuldig bevind word op alle aanklagte, word die beskuldigde vrygespreek en ontslaan.

3.5.8.2 Skuldig bevind word op alle aanklagte, volg die proses soos uiteengesit in klousule J.4.

3.5.8.3 Onskuldig bevind word op sommige aanklagte en skuldig bevind word op ander aanklagte, word die beskuldigde vrygespreek op die aanklagte waaraan hy of sy onskuldig bevind is en die proses soos uiteengesit in klousule J.4 word gevolg op die aanklagte waaraan hy of sy skuldig bevind is.

*Skeiding van verhore by meerdere beskuldigdes*

3.5.9 Indien meerdere beskuldigdes in een saak aangekla word en een of meer van die beskuldigdes pleit skuldig op alle aanklagte en ander beskuldigde(s) pleit onskuldig of pleite van onskuldig word namens hulle aangeteken na ondervraging, sal die verhore van daardie beskuldigdes geskei word van mekaar en as volg hanteer word:

3.5.9.1 Die saak van die beskuldigde(s) wat skuldig pleit sal die oorspronklike saaknommer behou en sal afgehandel word ingevolge die skuldigbevinding(s) en in ooreenstemming met die prosedure uiteengesit in klousule J.4.

3.5.9.2 Die saak van die beskuldigde(s) waarvan pleit(e) van onskuldig aangeteken word, sal die oorspronklike saaknommer met die toevoeging van (B) agteraan verkry en daardie saak sal voortgaan ingevolge die bepalings van klousule J.3.

3.5.9.3 Die proses van die nuwe saak gaan voort asof die inleiding en verduidelikings, die stel van die aanklagte en die aanbieding van pleite en pleitverduidelikings reeds afgehandel is.

3.5.9.4 Die Voorsittende Beampte sal ter aanvang van die opname van die nuwe saak verwys na die oorspronklike saak se rekord tot op die stadium van skeiding van verhore en sal verklaar dat die nuwe saak van daardie stadium aangaan.

*Poging en begunstiging*

3.6 Indien die getuienis in die Dissiplinêre Verhoor nie die pleging van die ten laste gelegde oortreding bewys nie, maar 'n poging om die oortreding te pleeg bewys of bewys dat die beskuldigde skuldig is as begunstiger van die ten laste gelegde oortreding, kan die beskuldigde na gelang van die geval tot poging

van die oortreding of as begunstiger van die ten laste gelegde oortreding skuldig bevind word, onderhewig daaraan dat sodanige geoorloofde uitspraak ontvanklik binne die reg is. Die vonnis wat sodanige beskuldigde dan kan ontvang mag nie meer wees as wat hy of sy vir die skuldigbevinding van die oortreding sou ontvang nie.

### J.4 Vonnis verrigtinge

4.1 Nadat die Dissiplinêre Verhoor op meriete voltooi is en 'n beskuldigde skuldig bevind word op een of meerdere van die aanklagte wat teen hom of haar ingestel is, sal die Voorsittende Beampte geleentheid gee aan:

4.1.1 Die aanklaer om vorige oortredings in Orania voor te lê en te bewys, met dien verstande dat die voorhou of bewys van skuldigbevindings toelaatbaar sal wees indien 'n beskuldigde in enige geregshof wat strafsake verhoor of ander forum wat dissiplinêre verhore hanteer skuldig bevind is aan oortredings of misdrywe wat relevant is ten opsigte van die aanklagtes waarop 'n beskuldigde tydens die saak skuldig bevind is. Die aanklaer kan, indien relevant, die beskuldigde se Verblyfreg inligting soos deur die Kantoor vir Verblyfreg bygehou aan die Verhoorpaneel voorhou.

4.1.2 Die beskuldigde kry vervolgens geleentheid vir die aanbied van getuienis, indien die beskuldigde van die geleentheid wil gebruik maak, wat versagtende omstandighede uitlig. Indien getuies geroep word, sal die aanklaer die geleentheid tot kruisondervraging en die beskuldigde tot herondervraging gegun word.

4.1.3 Die aanklaer kry vervolgens die geleentheid vir die aanbied van getuienis, indien die aanklaer van die geleentheid wil gebruik maak, wat verswarende omstandighede uitlig. Indien getuies geroep word, sal die beskuldigde die geleentheid tot kruisondervraging en die aanklaer tot herondervraging gegun word.

4.1.4 Die Verhoorpaneel is geregtig, onder leiding van die Voorsittende Beampte, om vrae ter opheldering aan enige en alle getuies te opper, maar moet daarteen waak om nie 'n getuie onder kruisondervraging te neem nie.

4.1.5 Die beskuldigde sal daaropvolgend die geleentheid kry om 'n slotbetoog wat versagtende omstandighede uitlig aan die Verhoorpaneel voor te hou en kan 'n gepaste sanksie (vonnis) voorstel.

4.1.6 Die aanklaer kry ten slotte die geleentheid om 'n slotbetoog wat verswarende omstandighede aan die Verhoorpaneel uitlig voor te hou en kan 'n gepaste sanksie (vonnis) voorstel.

4.2 Na aanhoor van vorige veroordelings, die aanhoor van getuienis, indien enige, en betoë vir versagtende en verswarende omstandighede, verdaag die Voorsittende Beampte die verrigtinge vir 'n tydperk wat die Verhoorpaneel nodig ag om die omstandighede en vorige oortredings behoorlik te oorweeg en die gepaste sanksies vir die betrokke oortredings te bepaal. Die Voorsittende Beampte mag, indien omstandighede dit noodsaak, die verhoor vir uitspraak na 'n ander datum uitstel.

4.3 By hervatting van die verrigtinge gee die Voorsittende Beampte uitspraak oor die vonnis wat aan die beskuldigde opgelê word met verwysing na elkeen van die aanklagte opeenvolgend. Redes vir die vonnis kan onmiddellik gegee word of op 'n latere stadium wat nie meer as vyf dae na die uitspraak mag wees nie. Aanklagte kan vir die doel van vonnis saamgeneem word, of vonnis kan vir elke klag afsonderlik gegee word.

4.4 Die Voorsittende Beampte moet toesien, waar enige vonnis dit noodsaak dat tydperke aan sodanige vonnis gekoppel word, dat die toegelate of diskresionêre tydperk dienooreenkomstig by sodanige vonnis ingesluit word.

4.5 Die Voorsittende Beampte moet, nadat uitspraak op vonnis gelewer is, die beskuldigde inlig dat hy of sy geregtig is om binne 5 (vyf) dae 'n aansoek om appèl by die Hoof: Regspleging teen die skuldigbevinding, of die vonnis, of beide te bring.

**J.5 Prosedure na afloop van Dissiplinêre Verhore**

5.1. Na afloop van die Dissiplinêre Verhoor, hetsy nadat die beskuldigde(s) onskuldig bevind is, hetsy nadat die beskuldigde(s) na skuldigbevinding gevonnis is, moet 'n dokument wat bekendstaan as die *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* ter bevestiging van die uitslag van die saak deur die Voorsittende Beampte voorberei en onderteken word. Die volgende moet in die *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* vervat word:

5.1.1 Die dokument moet die naam en van, ID-nommer (indien beskikbaar) asook kontaknommer en adres van die beskuldigde bevat.

5.1.2 Die dokument moet die aanklagte waaraan die beskuldigde onskuldig of skuldig bevind is, na gelang van die geval, uiteensit. In sodanige geval wat die aanklagte omvattend is, mag die klagstaat by die dokument aangeheg word.

5.1.3 Die dokument moet die uitslag van die verhoor op meriete aandui, dus of die beskuldigde skuldig of onskuldig bevind is.

5.1.4 Die dokument moet, indien die beskuldigde skuldig bevind is, die vonnis van die Verhoorpaneel uiteensit.

5.1.5 Die dokument moet die beskuldigde, in die geval waar die beskuldigde skuldig bevind is, inlig dat hy of sy geregtig is om teen die skuldigbevinding, of die vonnis, of beide die skuldigbevinding en vonnis, appèl aan te teken deur binne 5 (vyf) werksdae na ontvangs van die *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* op die voorgeskrewe vorm vir *Aansoek om Appèl* by die Hoof: Regspleging appèl aan te teken.

5.1.6 Die dokument word deur die Voorsittende Beampte, die ander lede van die Verhoorpaneel, die aanklaer en indien moontlik die beskuldigde onderteken.

5.2 Die vonnis is by uitspraak daarvan van krag, ongeag of die beskuldigde die *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* ontvang het al dan nie.

5.3 Die Voorsittende Beampte moet verder tot die *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* 'n dokument wat bekendstaan as *Redes vir Paneel Bevinding* aan die aanklaer

en die beskuldigde oorhandig en waarin die redes vir die skuldigbevinding, of indien die beskuldigde onskuldig bevind is sodanige redes daarvoor, asook die redes vir die vonnis indien van toepassing, uiteengesit word. Indien hierdie dokument nie ten tyde van die uitslag van die Dissiplinêre Verhoor oorhandig word nie, moet dit binne vyf dae daarna gelewer word. Op die dokument *Redes vir Paneel Bevinding* verskyn die beskuldigde se besonderhede, die redes vir die uitspraak soos deur die Verhoorpaneel beslis en word die dokument deur die Voorsittende Beampte, die aanklaer en indien moontlik die beskuldigde onderteken.

5.4 Indien die vonnis waarop die Verhoorpaneel besluit insluit dat die beskuldigde se Verblyfreg opgehef word, moet die Voorsittende Beampte 'n dokument voltooi en wat bekendstaan as *Kennisgewing van Opheffing van Verblyfreg* waarin die volgende moet verskyn:

5.4.1 Die naam en van, adres, kontaknommer asook ID-nommer (indien beskikbaar) van die beskuldigde.

5.4.2 'n Bevestiging van die aanklag(te) waaraan die beskuldigde skuldig bevind is.

5.4.3 'n Kennisgewing met die strekking dat die beskuldigde se Verblyfreg opgehef word.

5.4.4 Die tydperk wat die beskuldigde gegun word om die grondgebied van Orania te verlaat.

5.4.5 Die tydperk wat die opheffing van Verblyfreg van krag sal wees voordat die beskuldigde weer geregtig sal wees om aansoek om Verblyfreg te mag doen.

5.4.6 Inligting rakende die vergunning om Orania onderhewig aan die diskresie en reëls van OVD te mag besoek, tensy die Verhoorpaneel in ernstige gevalle bepaal dat geen besoeke deur die beskuldigde toegelaat mag word nie.

5.4.7 Die dokument word deur die Voorsittende Beampte, die aanklaer en indien moontlik die beskuldigde onderteken.

5.5 Die Kantoor vir Regspleging mag ten aansien van die dokumente *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor, Redes vir Paneel Bevinding* en *Kennisgewing van Opheffing van Verblyfreg* 'n standaard konsep dokument opstel wat met alle Dissiplinêre Verhore gebruik kan word en wat deur die Voorsittende Beampte ingevul en aangewend kan word.

5.6 Die dokumente *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor, Redes vir Paneel Bevinding* en *Kennisgewing van Opheffing van Verblyfreg* word saam met ander rekords deur die Hoof: Regspleging volgens voorskrif gestoor.

5.7 Indien dit nie moontlik is om met die afhandeling van die Dissiplinêre Verhoor die dokumente *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor, Redes vir Paneel Bevinding* en *Kennisgewing van Opheffing van Verblyfreg* vir welke rede ook al aan die beskuldigde te oorhandig nie, moet alle redelike stappe geneem word om sodanige dokumente aan die beskuldigde te oorhandig. Indien lewering van die dokumente nie moontlik is nie, moet die inhoud daarvan aan die beskuldigde se laaste bekende kontaknommer en/of e-posadres gestuur word

tesame met die uitnodiging om die dokumente by die Kantoor vir Regspleging af te haal.

**J.6 Algemene Bepalings tydens Dissiplinêre Verhore**

6.1 'n Dissiplinêre Verhoor word in 'n geskikte vertrek met voldoende beligting gehou waarvan die deur daarvan kan toemaak en verrigtinge in privaatheid kan geskied indien nodig.

6.2 Die Voorsittende Beampte is geregtig om die Dissiplinêre Verhoor vir goeie rede te verdaag, wat insluit die nodige verdagings om aan die deelnemers daarvan 'n breuk sowel as ete-breuk te bied.

6.3 Elke getuie moet getuienis onderhewig aan regsgeldige bevestiging lewer. In hierdie opsig sal die Voorsittende Beampte die getuie vooraf waarsku om die waarheid te praat en die getuie vervolgens versoek om te bevestig dat hy of sy die waarheid sal getuig.

6.4 Die Voorsittende Beampte moet toesien dat enige en alle getuies nie aan kwelsugtige, irrelevante of onvanpaste ondervraging blootgestel word nie, maar moet terselfdertyd waak om nie onnodig met die ondervraging van 'n getuie in te meng nie.

6.5 Met inagneming van die behoefte en noodsaak om Dissiplinêre Verhore af te handel, kan die Voorsittende Beampte uit eie beweging en indien omstandighede dit noodsaak 'n verhoor voordat met die verrigtinge begin is tot 'n gepaste datum uitstel sowel as 'n verhoor wat gedeeltelik afgehandel is tot 'n gepaste datum uitstel.

6.6 Die algemene beginsels van bewysreg moet gevolg word ten opsigte van die bewys van, bewyswaarde van en toelaatbaarheid van getuies, getuienis en bewysstukke, tensy dit sodanig anders in hierdie Kode spesifiek verwoord is.

6.7 Die Voorsittende Beampte moet, waar hy of sy dit nodig of nuttig ag, gebruik maak van waardevolle prosesse soos binneverhore om toelaatbaarheid van getuienis te oorweeg asook inspeksies ter plaatse en dies meer.

6.8 Die beginsels van die vermoede van onskuld tot skuld bewys word en *audi alterem partem* moet deurgaans deur die Verhoorpaneel beskerm word. Die Verhoorpaneel volg die beginsels van natuurlike geregtigheid.

6.9 Die Verhoorpaneel is gemagtig om uit eie beweging bykomende getuies te roep en te laat getuig as getuies vir die Verhoorpaneel, indien hulle van mening is dat die betrokke getuies kan bydra tot die beregting van 'n geskil en geen van die partye die betrokke getuie as hulle getuie geroep het nie. Die Voorsittende Beampte moet toelaat dat sulke getuies deur al die partye aan kruisondervraging onderwerp word en die Voorsittende Beampte mag na afloop van kruisondervraging ook die getuies herondervra.

6.10 Elke party dra self die onus en die onkoste om sy of haar eie getuies by die verrigtinge teenwoordig te hê. Die Aanklaer sal egter die Voorsittende Beampte bystaan om enige getuies wat deur die Verhoorpaneel as getuies geroep word, se teenwoordigheid by die verrigtinge te verseker.

6.11 Die Voorsittende Beampte, of die aanklaer, is ter eniger tyd geregtig om die hulp van 'n OVD amptenaar in te roep om bystand te lewer ten tyde van die verrigtinge indien dit blyk dat die beskuldigde, of enigiemand anders, ontwrigtend of aggressief is of mag wees.

**AFDELING K: DISSIPLINÊRE PROSEDURE – VERHOOR *IN ABSENTIA***

1. Indien 'n beskuldigde nie op die aangewese datum en tyd en op die aangewese plek van die geskeduleerde Dissiplinêre Verhoor opdaag nie en die Verhoorpaneel tevrede is dat die kennisgewing behoorlik op die beskuldigde bedien is en dat redelike pogings aangewend is om die beskuldigde se teenwoordigheid by die verrigtinge te verseker, mag die Voorsittende Beampte bepaal dat die Dissiplinêre Verhoor in die afwesigheid van so 'n beskuldigde sal voortgaan. Dit is nie nodig om op die dag van die verhoor, waar die beskuldigde afwesig is, die beskuldigde dan te poog kontak nie.
2. Indien die Dissiplinêre Verhoor in die afwesigheid van 'n beskuldigde voortgaan, lees die Aanklaer die aanklagtes in op die rekord en 'n pleit van onskuldig word namens die afwesige beskuldigde aangeteken op elke aanklag.
3. Die verhoor gaan daarna voort ooreenkomstig die ander bepalings van klousule J.3, met die uitsondering dat die afwesige beskuldigde die reg verbeur om getuies te kruisondervra of die bewys van ander bewysstukke te betwis.
4. Indien die beskuldigde op enige stadium die verrigtinge bywoon nadat dit in sy of haar afwesigheid 'n aanvang geneem het, sal die verrigtinge aangaan vanaf die beskuldigde se bywoning met alle regte wat die beskuldigde in normale omstandighede sou hê uitgesonderd die reg om getuies wat reeds getuig het te kruisondervra. Indien 'n getuie reeds besig is om te getuig, kan die beskuldigde eers nadat die getuie se getuienis afgehandel is by die verrigtinge aansluit.
5. Die beskuldigde kan, indien dwingende gronde op 'n latere stadium deur die beskuldigde bewys kan word, aansoek doen om 'n herverhoor van die geheel of 'n gedeelte van 'n verhoor wat *in absentia* gehou was. Die aansoek moet gerig word aan die Verhoorpaneel wat die Dissiplinêre Verhoor *in absentia* beslis het en sal deur hulle aangehoor en bereg word, tensy omstandighede die aanhoor daarvan deur 'n nuwe Verhoorpaneel noodsaak.

**AFDELING L: DISSIPLINÊRE PROSEDURE - APPÈL PROSEDURE**

### L.1 Algemeen

1.1 Enige persoon wat deur 'n Verhoorpaneel aan die oortreding van hierdie Kode, of enige ander misdryf onder die Suid-Afrikaanse reg, of die oortreding van enige Dorpsreël of die reël van enige ander grondentiteit, skuldig bevind en gevonnis is, mag 'n appèl teen sodanige skuldigbevinding, of die vonnis soos gegee, of beide, aanteken.

1.2 In die vooropgestelde is daar derhalwe nie 'n proses waar eers verlof tot appèl gevra hoef te word nie.

1.3 Die aanklaer is geregtig om teen die onskuldigbevinding of die vonnis wat aan 'n beskuldigde wat aan 'n oortreding skuldig bevind is opgelê is appèl aan te teken.

1.4 In die oorweging van enige appèlaansoek moet die Appèlpaneel daarteen waak om met die Verhoorpaneel se beoordeling van mondelinge getuies in te meng en moet dit slegs in uitsonderlike gevalle geskied.

**L.2 Aantekening van Appèl deur persoon wat aan oortreding skuldig bevind is**

2.1 Die persoon wat aan 'n oortreding skuldig bevind en gevonnis is, en appèl wil aanteken, staan vervolgens hierin as die appellant bekend.

2.2 Die appellant kan binne 5 (Vyf) dae nadat hy die dokumente *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* asook *Redes vir Paneel Bevinding* ontvang het, 'n skriftelike versoek tot die Hoof: Regspleging rig om appèl aan te teken teen die finale bevindinge van die Verhoorpaneel in 'n Dissiplinêre Verhoor. Sodanige skriftelike versoek om appèl aan te teken word op 'n dokument *Kennisgewing van Appèl* aangebring, welke dokument op versoek deur Orania Regspleging aan die appellant beskikbaar gestel moet word. Die Hoof: Regspleging moet die *Kennisgewing van Appèl* onverwyld aan die aanklaer lewer.

2.3 In sodanige geval waar die dokumente *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* asook *Redes vir Paneel Bevinding* vir welke rede ook al nie aan die appellant persoonlik oorhandig kan word nie, sal die tydperk waarbinne die appellant appèl mag aanteken begin verloop vanaf sodanige tyd wat die aanklaer die inhoud van die *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* asook *Redes vir Paneel Bevinding* aan die appellant se laaste bekende kontaknommer en/of e-posadres gestuur het.

2.4 Die aanklaer is geregtig om, in gevalle van dringendheid en met behoorlike motivering en redes daartoe, enige appèlaansoek deur 'n appellant op 'n dringende basis voor die Appèlpaneel te plaas en van die voorgeskrewe tydperke van toepassing af te sien. Enige dispuut rakende dringendheid sal deur die Voorsittende Beampte van die Appèlpaneel aangehoor en finaal beslis word.

2.5 Die appellant mag appèl teen die skuldigbevinding, of die vonnis, of beide daarvan aanteken.

2.6 Die appellant mag op die volgende gronde 'n appèl teen die skuldigbevinding, of die vonnis, of beide daarvan bring:

2.6.1 Daar is nuwe inligting en/of getuienis wat na vore tree of beskikbaar word en wat op geen redelike wyse tot die appellant se kennis kon gekom het voor of tydens die aanhoor van die klagtes nie en wat die uitkoms van die verhoor wesenlik mag beïnvloed; en/of

2.6.2 ernstige dwalings en/of prosedurele afwykings wat tydens die verhoor se verrigtinge voorgekom het, insluitend die toelating en/of oorweging van getuienis en wat die uitkoms van die verhoor wesenlik beïnvloed het; en/of

2.6.3. ernstige partydigheid van die Verhoorpaneel, met verwysing na spesifieke gevalle of insidente waar die partydigheid ooglopend voorgekom of uitgespeel het, wat die uitkoms van die verhoor wesenlik beïnvloed het.

2.7 Die appellant moet in die *Kennisgewing van Appèl* die volgende baie duidelik aandui:

2.7.1 Welke teen die skuldigbevinding, of die vonnis, of beide daarvan appèl aangeteken word.

2.7.2 Die gronde van die appèl en soos onder L.2.6 hierbo uiteengesit moet aangedui word.

2.7.3 Behoorlike skriftelike uiteensetting en motivering (skriftelike vertoë soortgelyk aan Hoofde van Betoog) om die gronde van die appèl te ondersteun. Skriftelike vertoë deur die appellant moet ten minste die volgende bevat:

2.7.3.1 'n Aanduiding welke teen die skuldigbevinding, of die vonnis, of beide daarvan soos deur die Verhoorpaneel opgelê geappelleer word.

2.7.3.2 Die gronde van die appèl, soos in L.2.6 bedoel, moet aangedui word.

2.7.3.3 Deeglike uiteensetting van die redes en motivering waarom die gronde van die appèl suksesvol op die skuldigbevinding, of die vonnis, of beide daarvan toegepas moet word.

2.7.3.4 Die uitkoms wat die appellant verlang.

2.8 Indien die appellant bykomende dokumentasie tot die *Kennisgewing van Appèl* indien, is Orania Regspleging daartoe geregtig om die redelike koste van die duplisering daarvan, indien vir die aanhoor van die appèl benodig, van die appellant te verhaal.

2.9.1 Die Hoof: Regspleging is geregtig om, na ontvangs van die *Kennisgewing van Appèl*, 'n beslissing te fel dat die appellant se *Kennisgewing van Appèl* nie aan enige of al die formaliteitsvereistes soos hierin uiteengesit voldoen nie en dat, tensy die appellant sodanige gebrek wat duidelik deur die Hoof: Regspleging aangedui word, nie binne die tyd soos deur die Hoof: Regspleging bepaal reggestel word nie, die appèl nie voor die Appèlpaneel geplaas en aangehoor sal word nie. Vir doeleindes hiervan word nie vereis dat skriftelike vertoë (Hoofde van Betoog) aan die formaliteitsvereistes soos in Geregshowe vereis voldoen nie, maar dat skriftelike vertoë wel redelikerwys aan L.2.7.3 voldoen.

2.9.2 Indien die Hoof: Regspleging bepaal dat, na die uitnodiging om 'n gebrek in die formaliteitsvereistes reg te stel, die appellant die gebrek nie aangespreek of na behore reggestel het nie en die appèl derhalwe nie kan voortgaan nie, kan die beslissing van die Hoof: Regspleging op goeie gronde deur die appellant op hersiening geneem word deur die beslissing binne 5 (vyf) dae met verskaffing van skriftelike redes na die Hoof van die Regspaneel vir heroorweging te verwys. Die Hoof van die Regspaneel sal bepaal welke die appèl mag voortgaan al dan nie, welke beslissing finaal is. Die Hoof van die Regspaneel sal sy besluit skriftelik aan die appellant en die Hoof: Regspleging kommunikeer.

**L.3 Aantekening van Appèl deur aanklaer teen die onskuldigbevinding of vonnis wat 'n beskuldigde opgelê is**

3.1 Indien die aanklaer teen die onskuldigbevinding, of die vonnis wat 'n persoon wat aan 'n oortreding skuldig bevind is ontvang het, appèl wil aanteken, sal sodanige beskuldigde hierin vervolgens as die respondent bekend staan terwyl die aanklaer as die appellant bekend sal staan.

3.2 Die aanklaer kan binne 5 (Vyf) werksdae nadat die dokumente *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* asook *Redes vir Paneel Bevinding* aan die respondent oorhandig is, 'n *Kennisgewing van Appèl* aan die Respondent lewer.

3.3 In sodanige geval waar die dokumente *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* asook *Redes vir Paneel Bevinding* vir welke rede ook al nie aan die Respondent persoonlik oorhandig kan word nie, sal die tydperk waarbinne die aanklaer appèl mag aanteken begin verloop vanaf sodanige tyd wat die aanklaer die inhoud van die *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* asook *Redes vir Paneel Bevinding* aan die respondent se laaste bekende kontaknommer en/of e-posadres gestuur het.

3.4 Die aanklaer is geregtig om, in gevalle van dringendheid en met behoorlike motivering en redes daartoe, enige appèlaansoek deur die aanklaer op 'n dringende basis voor die Appèlpaneel te plaas.

3.5 Die aanklaer mag appèl teen die onskuldigbevinding asook vonnis soos deur die Verhoorpaneel aan die respondent opgelê aanteken op grond daarvan dat die Verhoorpaneel, by die onskuldigbevinding van die respondent, 'n regsfout begaan het en by die vonnis soos opgelê, 'n vonnis gegee het wat onvanpas en/of ontoereikend gegewe die erns van die misdryf en die belang van die gemeenskap is.

3.6 Sodanige redes en motivering waarom die onskuldigbevinding 'n regsfout behels of vonnis soos aan die Respondent opgelê onvanpas en/of ontoereikend is, moet behoorlik en skriftelik uiteengesit word in die *Kennisgewing van Appèl*. Die aanklaer kan skriftelike vertoë tot die *Kennisgewing van Appèl* aanheg en wat aan die vereistes soos in L.2.7.3. vermeld moet voldoen.

**L.4 Opponering van Appèl**

4.1 Die Respondent, hetsy die aanklaer, hetsy die beskuldigde, is geregtig om binne 5 (Vyf) dae na ontvangs van 'n *Kennisgewing van Appèl* aan te dui dat die Appèlaansoek nie geopponeer word nie, by versuim waarvan deur die Hoof: Regspleging asook Appellant aanvaar sal word dat die Appèlaansoek wel geopponeer word.

**L.5 Prosedure van Appèl**

5.1 Nadat die *Kennisgewing van Appèl* vanaf die appellant (beskuldigde) ontvang is, of nadat die aanklaer 'n *Kennisgewing van Appèl* aan die respondent (beskuldigde) gelewer het, sal die aanklaer, tensy die Hoof: Regspleging bepaal dat die appellant (beskuldigde) se *Kennisgewing van*

*Appèl* nie aan die formaliteitsvereistes voldoen nie, binne 10 dae na ontvangs daarvan met die Hoof van die Regspaneel reël om 'n Appèlpaneel sowel as Voorsittende Beampte vir die voorgenome appèl aan te wys. Die aanklaer moet sodanige inligting oor die klagtes, skuldigbevinding en vonnis, lede van die Verhoorpaneel en appellant aan die Hoof van die Regspaneel voorsien as wat vir hom nodig is om 'n onpartydige Appèlpaneel aan te wys. In die geval waar sodanige Appèlpaneel nie binne 'n tydperk van drie dae nadat die versoek gerig is aangewys is nie, is die Hoof van Regspleging geregtig om voort te gaan en die nodige aanstelling te maak.

5.2 In die geval waar 'n Besoldigde Voorsittende Beampte as voorsitter van die Verhoorpaneel gedien het, moet 'n Besoldigde Voorsittende Beampte as voorsitter van die Appèlpaneel aangestel word.

5.3 Die aanklaer sal 'n datum bepaal waarop die appèlaansoek aangehoor moet word, maar mag met redelike motivering deur die persoon wat aan 'n oortreding skuldig bevind is en wat die appèlaansoek bring, of wat die appèlaansoek van die aanklaer opponeer, die appèlaansoek na 'n ander datum skuif. 'n Dispuut rakende die geskikte datum sal deur die Voorsittende Beampte van die Appèlpaneel besleg word.

5.4 Die datum, tyd en plek wat die Appèlaansoek aangehoor word, moet deur die aanklaer aan die partye gekommunikeer word met die Respondent om ten minste 5 (Vyf) dae voor die aanhoor daarvan enige skriftelike vertoë ter opponering daarvan by die Hoof: Regspleging te liasseer. Sodanige kommunikasie geskied per kennisgewing wat elektronies versprei mag word.

5.5 Die aanklaer berei vir die aanhoor van die appèl 'n praktyksnota, bekend as 'n *Appèl Indeks,* voor en wat soos volg daarvan uitsien:

5.5.1 Inligting wat die partye voldoende identifiseer. Die Party(e) wat die appèl versoek het, word na verwys as appellant(e) en die ander party(e) word na verwys as respondent(e).

5.5.2 Die saak se nommer.

5.4.3 Die datum waarop die voorgenome appèl oorweeg sal word.

5.5.4 Die name van die aangewese Voorsittende Beampte en lede van die Appèlpaneel.

5.5.5 Die bladsynommers met verwysing na die *Uitslag van Dissiplinêre Verhoor* asook *Redes vir Paneel Bevinding*, welke dokumente by die *Appèl Indeks* aangeheg word. Indien 'n *Kennisgewing van Opheffing van Verblyfreg* uitgereik is, word dit ook aangeheg.

5.5.6 Die bladsynommer van die *Kennisgewing van Appèl*, welke dokument aangeheg word, met skriftelike vertoë deur die appellant, asook bykomende dokumentasie indien van toepassing, met aanduiding van die bladsynommers en welke dokumentasie ook aangeheg word.

5.5.7 Die bladsynommer van die skriftelike vertoë ter opponering van die Appèlaansoek deur die respondent word aangedui, met die dokument wat aangeheg word.

5.6 Die *Appèl Indeks* met bykomende dokumentasie daarby aangeheg word ten minste twee dae voor die aanhoor van die Appèl aan die partye sowel as die Appèlpaneel beskikbaar gestel deur kopieë daarvan in 'n geslote koevert by die Kantoor vir Regspleging te hou en waar dit afgehaal kan word. Die aanklaer kan per elektroniese kommunikasie die partye sowel as die Appèlpaneel sodanig inlig.

5.7 Op die vasgestelde datum, tyd en plek verskyn die partye voor die Appèlpaneel en lewer hulle betoë in die volgorde soos deur die Voorsittende Beampte bepaal en na afhandeling van alle betoë oorweeg die Appèlpaneel die Appèl op die beskikbare dokumente en inligting en met inagneming van die betoog wat elke Party gelewer het.

**L.6 Uitslag van Appèl**

6.1 Die Appèlpaneel kan na oorweging van al die tersaaklike inligting een van die volgende bevindinge maak:

6.1.1 Dat die appèl van die hand gewys word; of

6.1.2 Dat die appèl in geheel of gedeeltelik toegestaan word en die Appèlpaneel maak bevindinge waarmee die Verhoorpaneel se bevindinge gewysig word; of

6.1.3 Dat die appèl in geheel toegestaan word en dat die Saak terugverwys word na die Hoof van die Regspaneel vir die aanwysing van 'n nuwe Verhoorpaneel om die Saak *de novo* aan te hoor.

6.2 Indien die Saak terugverwys word na die Hoof van die Regspaneel om 'n nuwe Verhoorpaneel saam te stel, moet die aanklaer onverwyld met die stappe vir 'n verhoor soos hierin uiteengesit voortgaan met die oogmerk dat die Saak weer aangehoor word, tensy die aanklaer 'n besluit neem om nie verder enige vervolging in te stel nie en waarop die aanklaer sodanige besluit aan die beskuldigde sowel as die klaer sal kommunikeer.

6.3 Na afloop van die appèl word die volgende dokumente saamgestel en aan die partye beskikbaar gestel:

6.3.1 Die *Uitslag van Appèl* ter bevestiging van die uitslag van die Appèl sal binne 5 (Vyf) dae nadat die Appèl finaal afgehandel is by die Hoof: Regspleging beskikbaar gemaak word om deur die partye afgehaal te word.

6.3.2 Indien skriftelike redes vir die uitslag van die Appèl versoek word, moet dit binne 10 (Tien) dae nadat sodanige versoek vir redes aan die Hoof: Regspleging gelewer is by die Hoof: Regspleging beskikbaar gemaak word om deur die partye afgehaal te word.

6.4 Bevindings tydens appèlle kan as riglyn in toekomstige soortgelyke sake dien.

**AFDELING M: DISSIPLINÊRE PROSEDURE – RONDETAFEL PROSES**

1. Die aanklaer kan in sodanige gevalle waar hy 'n dossier ten aansien van 'n Klagte ontvang en die oortreding minder ernstig is en rehabiliterend opgetree

moet word, of waar dit 'n ernstige geval is maar die klagte nie vir verhoor verwys kan word nie vanweë 'n tekort aan getuies of bewyse, die klagte vir 'n Dissiplinêre Rondetafel verwys.

2. In dringende gevalle, of waar daar ooglopend 'n Rondetafel eerder as 'n Verhoor gehou moet word en soos met die aanklaer ooreengekom, is dit nie vir die Ondersoekbeampte nodig om 'n omvattende dossier voor te berei nie, maar moet hy wel die nodige inligting tot sy beskikking aan die aanklaer beskikbaar stel.

3. Die keuse om 'n klagte vir 'n Rondetafel te verwys berus by die aanklaer.

4. Die aanklaer bepaal die datum en tyd vir die Rondetafel en berei vir die Rondetafel die nodige kennisgewing voor wat aan die beskuldigde deur OVD gelewer moet word. 'n Rondetafel moet met redelike kennistydperk aan die beskuldigde geskied, maar mag die aanklaer waar dringende omstandighede teenwoordig is sodanige Rondetafel met 'n korter kennistydperk reël.

5. Die aanklaer kan, afhangend van die geval, vir die Rondetafel ook die klaer(s), die ondersoekbeampte, 'n maatskaplike werker, in die geval van 'n minderjarige sodanige minderjarige se ouers, of enige ander persoon wat na die mening van die aanklaer teenwoordig behoort te wees, versoek om die Rondetafel by te woon en waarvoor dienooreenkomstig die nodige kennisgewings voorberei moet word.

6. Die Rondetafel word deur die Hoof: Regspleging as voorsitter waargeneem, of deur sy gedelegeerde wat die aanklaer insluit.

7. Die verrigtinge van die Rondetafel word elektronies opgeneem en vir 'n tydperk van ten minste 1 jaar gestoor.

8. Die Rondetafel het die oogmerk dat die klagte(s) bespreek word, waar moontlik versoening tussen 'n klaer en beskuldigde bewerkstellig word en met 'n rehabiliterende uitkoms.

9. Enige beskuldigde wat aan 'n Rondetafel deelneem kan 'n waarskuwing vanaf die voorsitter daarvan ontvang en, waar omstandighede dit vereis, kan sodanige redelike bepaling gemaak word wat die oogmerk het om die herhaling van 'n oortreding te voorkom. 'n Bepaling mag insluit dat die beskuldigde by sodanige hulpgroep, maatskaplike werker, sielkundige en sy kerk moet inskakel soos omstandighede vereis, met dien verstande dat die bepaling nie 'n finansiële las op die beskuldigde kan plaas nie.

10. In gevalle wat neerkom op die voortdurende gewoontevormende gebruik van drank (alkohol), of die gebruik daarvan wat die herhalende gevolg van nadeel van enige aard vir 'n huishouding asook die groter gemeenskap inhou) en soos verwys vanaf maatskaplike dienste ondersteun deur 'n motiverende verslag, kan 'n bepaling gemaak word wat inhou dat die persoon wat hom- of haarself daaraan skuldig maak verbied word om in Orania enige drank aan te koop of te gebruik en dat sy of haar naam in 'n "Dranklys" in hierdie opsig onder die aandag van besighede wat drank verkoop gebring sal word. In hierdie geval sal die voorsitter van die Rondetafel 'n lid van die Regspaneel wees. 'n Persoon wat sodanige bepaling oortree, of hom- of haarself aan verdere drankgebruik skuldig maak, of drank koop of besit, kan deur die aanklaer daarvan aangekla

word dat hy of sy hulself aan ernstige drankmisbruik nieteenstaande die uitgereikte bepaling skuldig gemaak het.

11. Die uitkoms van 'n Rondetafel, hetsy 'n waarskuwing, hetsy 'n bepaling gemaak, is nie 'n rekord wat vir doeleinde van vorige oortredings by 'n latere Dissiplinêre Verhoor teen die beskuldigde bewys kan word nie, maar die oortreding of nienakoming van 'n bepaling aan die beskuldigde uitgereik kan wel deur die aanklaer op vervolging in 'n Dissiplinêre Verhoor geneem word, of as verswarende omstandighede by vonnis voorgehou word

12. Die Rondetafel geskied nie in die openbaar nie en het enigiemand anders as die beskuldigde asook sodanige persone wat vir die gesprek deur die Hoof: Regspleging of sy gedelegeerde versoek of toegelaat word nie toegang, of die reg tot deelname en teenwoordigheid in die Rondetafel nie.

13. Die beskuldigde neem sonder vrees vir enige selfinkriminasie aan die Rondetafel deel. Enige en alle bespreking en meedelings deur 'n beskuldigde ten tyde van 'n Rondetafel mag nie deur die aanklaer ten tyde van 'n Dissiplinêre Verhoor teen die beskuldigde gebruik word nie, tensy die beskuldigde vanuit eie beweging ten tyde van 'n Dissiplinêre Verhoor sodanige bespreking en meedelings aanvoer en waarop die aanklaer vervolgens die beskuldigde onder kruisondervraging daarop mag neem, asook self getuienis in die verband mag voorhou.

14. Die prosedure ten tyde van die Rondetafel behels 'n informele gesprek, maar sluit in dat die klagte(s) met die beskuldigde bespreek word en hy daarop 'n billike geleentheid kry om sy saak te stel.

15. Die Rondetafel kan, waar goeie rede bestaan, tot 'n latere datum uitgestel word.

16. In sodanige geval waar 'n beskuldigde nie met die uitkoms van 'n Rondetafel tevrede is nie, mag die beskuldigde binne 10 (Tien) dae na die uitkoms daarvan aan die aanklaer kennis gee dat hy versoek dat die klagte(s) na 'n Dissiplinêre Verhoor verwys word. Sodanige versoek sal inhou dat enige bepaling ten tyde van die Rondetafel uitgereik opgeskort word en om vervolgens deur die Verhoorpaneel in oorweging geneem te word.

17. Indien 'n beskuldigde weier of versuim om 'n Rondetafelgesprek by te woon, of indien die beskuldigde ten tyde van 'n Rondetafelgesprek ontwrigtend handel, kan die aanklaer voortgaan en die beskuldigde vir die weiering of versuim om 'n wettige opdrag van die Dorpsraad, sy verteenwoordiger of gedelegeerde uit te voer aankla.

## AFDELING N: SEKERE ASPEKTE RAKENDE VONNIS

### N.1 Algemeen

1.1 Die Verhoorpaneel is geregtig, indien daar meerdere aanklagte is waaraan 'n beskuldigde skuldig bevind is en indien gerief of praktiese oorweging dit regverdig, die onderskeie aanklagte waaraan die beskuldigde skuldig bevind is gesamentlik te neem vir die doeleinde van vonnis, met dien verstande dat die vonnis wat opgelê word steeds voldoen aan die voorgestelde vonnis vir

enige een van die oortredings waaraan die beskuldigde skuldig bevind is en soos uiteengesit in die afdeling "Dissiplinêre Kode: Sanksies en Vonnisse vir Oortredings".

1.2 Die Verhoorpaneel volg die voorgestelde sanksies (vonnisse) soos uiteengesit in die afdeling "Dissiplinêre Kode: Sanksies en Vonnisse vir Oortredings" maar het 'n diskresie insover sodanige diskresie onder die vermelde afdeling ten aansien van 'n bepaalde oortreding waaraan die beskuldigde skuldig bevind is toegelaat word. Vermelde diskresie sluit in, waar gepas en slegs indien verswarende omstandighede teenwoordig is, sodanige vonnis wat gewoonlik vir herhalende oortredings gepas sou wees reeds by 'n eerste oortreding op te lê.

1.3 In bepaling van die gepaste vonnis moet die Verhoorpaneel die persoonlike omstandighede van die beskuldigde insluitend die moontlikheid vir rehabilitasie, die erns van die misdryf en die belang van die gemeenskap in oorweging neem.

1.4 'n Beskuldigde wat sodanige ernstige oortreding begaan dat dit onversoenbaar met die waardes en heilsaamheid van die gemeenskap is, of dieselfde oortreding sonder rehabilitasie by herhaling begaan, kan as vonnis sy Verblyfreg verloor. Indien 'n beskuldigde se Verblyfreg opgehef word, moet die Verhoorpaneel 'n datum bepaal waarop die persoon die eiendom van die gemeenskap van Orania moet verlaat asook 'n tydperk bepaal wat sodanige persoon nie weer aansoek om Verblyfreg mag doen nie.

1.5 In baie ernstige gevalle en soos in Bylaag 1 aangedui, kan die Verhoorpaneel 'n beskuldigde se Verblyfreg lewenslank ophef.

1.6 Die gee van 'n finale skriftelike waarskuwing impliseer dat by 'n opvolgende ooreenstemmende oortreding die beskuldigde die risiko staan dat sy of haar Verblyfreg opgehef word.

1.7 Die aanklaer is geregtig om in sy diskresie, waar 'n beskuldigde vir 'n oortreding onder Bylaag 2 van die Kode aangekla word, 'n skulderkenningsboete wat onmiddellik deur die beskuldigde betaalbaar is tot die maksimum bedrag soos onder Bylaag 2 uiteengesit te aanvaar, waarop daar en nadat betaling ontvang is nie verder met 'n verhoor voortgegaan sal word nie. Die beskuldigde word geag skuldig bevind te wees en sal dit dienooreenkomstig as 'n "skuldige pleit met betaling van 'n skulderkenningsboete" aangeteken word.

### N.2 Gemeenskapsdiens

2.1 Die Verhoorpaneel is geregtig om, as alternatief tot enige voorgeskrewe vonnis, die moontlikheid van gemeenskapsdiens aan die beskuldigde voor te stel. Gemeenskapsdiens as vonnis kan ook deur die beskuldigde versoek word.

2.2 Gemeenskapsdiens kan slegs as vonnis opgelê word waar die beskuldigde en, indien die beskuldigde 'n minderjarige is die minderjarige se ouer of voog, skriftelik die dokument "*Instemming tot Gemeenskapsdiens en Vrywaring*" onderteken.

2.3 Gemeenskapsdiens geskied derhalwe vrywillig deur die beskuldigde ten einde as alternatief tot 'n ander vonnis te dien. In sodanige geval waar 'n beskuldigde weier om tot gemeenskapsdiens in te stem, sal die Verhoorpaneel 'n ander gepaste vonnis aan die beskuldigde oplê. Die feit dat 'n beskuldigde nie tot gemeenskapsdiens as alternatiewe vonnis instem nie, mag nie teen die beskuldigde as verswarende faktor by die bepaling van 'n ander gepaste vonnis in ag geneem word nie.

2.4 Gemeenskapsdiens bied aan die beskuldigde die geleentheid tot rehabilitasie en mag gemeenskapsdiens nie onmenslik of onaanvaarbaar in karakter wees nie. Gemeenskapsdiens mag nie gevaarlike of onveilige werk of diens behels nie.

2.5 Gemeenskapsdiens word by Orania-instellings soos deur die Hoof: Regspleging goedgekeur verrig. Orania-instellings sluit nie besighede wat vir wins bedryf word in nie.

2.6 Waar 'n vonnis van gemeenskapsdiens gegee word, moet die Verhoorpaneel die dokument "*Gemeenskapsdiens Inligting*" voltooi en wat ten minste die volgende inligting bevat:

2.6.1 Dat die beskuldigde voor 'n sekere datum by die Kantoor vir Regspleging moet aanmeld waar die volgende besonderhede deur die Hoof: Regspleging aan die beskuldigde deurgegee word:

2.6.1.1 die besonderhede van die instelling waar gemeenskapsdiens verrig moet word;

2.6.1.2 die naam en kontakbesonderhede van die verantwoordelike persoon by die Orania-instelling met wie die beskuldigde ter voltooiing van die gemeenskapsdiens moet skakel;

2.6.1.3 die aard van die gemeenskapsdiens wat verrig moet word;

2.6.2 die tydperk waarbinne die gemeenskapsdiens voltooi moet word; en,

2.6.3 die tydperk (ure) wat gemeenskapsdiens verrig moet word.

2.7 Die Verhoorpaneel moet sovêr prakties moontlik die beskuldigde se persoonlike omstandighede rakende skolastiese opvoeding of werksomstandighede by die bepaling van gemeenskapsdiens in ag neem. Gemeenskapsdiens kan nie 'n maksimum van 100 ure oorskry nie.

2.8 Die verantwoordelike persoon by die Orania-instelling waar gemeenskapsdiens verrig word, rapporteer aan die aanklaer welke gemeenskapsdiens bevredigend verrig is. In sodanige geval waar gemeenskapsdiens nie verrig is, of bevredigend verrig is nie, kan die aanklaer die saak weer voor dieselfde Verhoorpaneel plaas vir 'n ondersoek na die redes waarom die gemeenskapsdiens nie verrig is of bevredigend verrig is nie, waarop die Verhoorpaneel verdere gemeenskapsdiens waar die beskuldigde weereens die dokument "*Instemming tot Gemeenskapsdiens en Vrywaring*" voltooi as vonnis kan gee, of 'n ander gepaste vonnis kan gee.

## N.3 Vergoeding van skade

3.1 Waar 'n beskuldigde aan 'n oortreding wat ekonomiese skade of verlies van goed behorende aan 'n ander persoon veroorsaak het skuldig bevind word, kan die Verhoorpaneel op versoek van die benadeelde persoon of die aanklaer wat in opdrag van die benadeelde persoon optree, vergoeding aan die benadeelde persoon toeken.

3.2 Voormelde geskied met dien verstande dat die Verhoorpaneel 'n ondervraging van die beskuldigde onderneem om te bepaal of die beskuldigde finansieel daartoe in staat is om die skade of verlies te vergoed, insluitend met afbetaling oor 'n tydperk. In sodanige geval waar die beskuldigde nie finansieel daartoe in staat is nie, kan sodanige opdrag vir vergoeding van skade nie gegee word nie.

3.3 Die Verhoorpaneel moet verder die bedrag wat voorgehou word die verlies of skade te dek ondersoek om te bepaal dat sodanige bedrag redelik is en 'n werklike vergoeding vir die skade of verlies sal uitmaak. Die Verhoorpaneel is in die vooropgestelde geregtig om die bedrag wat voorgehou word die skade of verlies te dek tot sodanige bedrag wat die Verhoorpaneel redelik ag te verminder.

3.4 Die Verhoorpaneel moet, indien 'n opdrag ter vergoeding gegee word, die bedrag en tydperk asook ander voorwaardes daaraan verbonde aan die beskuldigde kommunikeer.

3.5 Daar kan geen opdrag vir die betaling van enige rente bykomend tot die bedrag ter vergoeding van skade of verlies gegee word nie.

3.6 In sodanige geval wat die beskuldigde die opdrag ontvang om skade of verlies teen 'n sekere bedrag en teen 'n sekere tyd te vergoed en vervolgens versuim of weier om dit te doen, kan die aanklaer die beskuldigde vir die nienakoming van 'n opdrag van die paneel laat vervolg.

3.7 By die vergoeding van skade word dit by die gee van 'n gepaste vonnis in ag geneem, maar waar sodanige vergoeding nie betaal kan word nie sal swaarder alternatiewe vonnisse van toepassing wees.

## N.4 Boetes

*Algemeen*

4.1 Ten einde 'n toeloop van sake voor die Verhoorpaneel te voorkom en ter bevordering van algemene en goeie orde, kan gemagtigde amptenare soos in Dorpsreëls of verwante reëls van grondentiteite gemagtig, boetes soos voorgeskryf aan 'n oortreder uitreik.

4.2 Bykomend tot voormelde kan die Verhoorpaneel, in sodanige geval waar dit in die afdeling "Dissiplinêre Kode: Sanksies en Vonnisse vir Oortredings" ten aansien van 'n spesifieke oortreding gemagtig word, 'n boete tot die maksimum bedrag soos aangedui by vonnisoplegging aan die beskuldigde toestaan. Die Verhoorpaneel het derhalwe 'n diskresie in die bepaling van die boetebedrag, met dien verstande dat die bedrag van die boete nie die maksimum voorgeskrewe bedrag van die betrokke boete oorskry nie. Waar die Paneel sodanig 'n boete wil toeken, sal dit eers met 'n ondervraging en/of

ondersoek van die beskuldigde se finansiële vermoë voorafgegaan word, welke inligting deur die Paneel in ag geneem moet word.

4.3 Die boetestelsel word deur die Dorpskantoor binne hoofsaaklik drie afdelings bestuur: OVD of ander gemagtigde amptenare reik boetes uit, Korporatiewe Dienste (Finansies) by die Dorpskantoor vorder die boete se fooi in, terwyl Regspleging boetes met vertoë oorweeg of by wanbetaling dissiplinêr opvolg.

4.4 Die Dorpskantoor sal by wyse van ooreenkoms met ander grondentiteite boetes wat vir oortredings op ander grondentiteite uitgereik is invorder en bestuur.

*Uitreik van boetes (anders as deur Verhoorpaneel)*

4.5 OVD of ander gemagtigde beamptes is by wyse van aanstelling en ingevolge relevante Dorpsreëls of verwante reëls van ander grondentiteite daartoe gemagtig om boetes uit te reik. Enige oortreder is geregtig om die bevoegdheid van 'n amptenaar om boetes uit te reik te betwis, maar sal sodanige verweer voor 'n Verhoorpaneel moet plaas.

4.6 Die bevoegde amptenare sal boetes uitreik ten aansien van gedrag wat duidelik en ooglopend teen spesifieke reëls soos deur OAB (of ander grondentiteite) aanvaar indruis. Die reël wat oortree word moet dus duidelik die gedrag aanspreek sodat daar nie maklik twyfel by die interpretasie van die reël kan ontstaan nie. Die amptenaar moet verder seker maak dat al die elemente van die oortreding teenwoordig is voordat 'n boete uitgereik word.

4.7 Die bevoegde amptenare sal boetes uitreik ingevolge die bewoording van die reëls wat dienooreenkomstig op die boete kennisgewing moet verskyn en vir die bedrag soos deur die relevante lys van boetes aangedui. Daar kan nie 'n ander bedrag as die bedrag wat voorgeskryf word ingevul word nie.

4.8 Die boete kennisgewing moet so volledig as moontlik ingevul word.

4.9 Die boete kennisgewing word in triplikaat ingevul: Die oorspronklike word aan die oortreder per hand oorhandig, die eerste afskrif word die volgende werksdag aan die afdeling Korporatiewe Dienste (Finansies) oorhandig, terwyl die derde afskrif deur die bevoegde amptenaar gehou word.

4.10 Die oortreder word ingelig dat hy die boete binne 30 dae na uitreik daarvan moet betaal, met die adres of wyse waarop die moet geskied, of binne 10 dae vertoë by die aanklaer by Regspleging moet rig sou hy nie met die uitreik van die boete teen hom saamstem nie of 'n versoek ter vermindering van die bedrag wil rig. Die aanklaer stel vir doeleinde hiervan 'n dokument waarop 'n vertoog gerig kan word beskikbaar.

*Administrasie van boetes en vertoog daarteen*

4.11 'n Afskrif van die boete kennisgewing word aan Korporatiewe Dienste (Finansies) oorhandig wat die betaling daarvan deur die oortreder invorder. Die oortreder is geregtig om met Korporatiewe Dienste skriftelik vir die afbetaling van die boete ooreen te kom en waarop die boete in so 'n geval

nie binne 30 dae betaalbaar hoef te wees nie (maar bly die oortreder verbonde aan die voorwaardes van betaling soos met Korporatiewe Dienste ooreengekom).

4.12 In sodanige geval waar die oortreder 'n vertoog rig, sal die aanklaer die boete kennisgewing by Korporatiewe Dienste lig en binne 3 (drie) dae die volgende besluite neem:

4.12.1 Die vertoog word van die hand gewys en die boete bly betaalbaar. In hierdie geval word die boete aan Korporatiewe Dienste teruggegee en is die boete binne 30 dae na die besluit geneem is betaalbaar. Die aanklaer moet in hierdie verband ook die besluit aan die oortreder skriftelik (per e-pos) kommunikeer.

4.12.2 Die vertoog word gehandhaaf en die boete bedrag word verminder. In hierdie geval word die boete aan Korporatiewe Dienste teruggegee en is die verminderde boete bedrag binne 30 dae na die besluit geneem is betaalbaar. Die aanklaer moet in hierdie verband ook die besluit aan die oortreder skriftelik (per e-pos) kommunikeer, of, in die afwesigheid van 'n epos adres, word die oortreder telefonies ingelig dat 'n afskrif van die besluit by die kantoor beskikbaar is.

4.12.3 Die vertoog word gehandhaaf en die boete word gekanselleer. In hierdie geval word die inligting so aan Korporatiewe Dienste en die oortreder (skriftelik per e-pos) gekommunikeer.

4.13 In die omstandighede waar die aanklaer om praktiese redes nie binne 3 (drie) dae 'n besluit soos voormelde kan neem nie, sal die besluit so gou doenlik daarna geneem word met dien verstande dat die oortreder nie aan enige benadeling onderwerp word nie.

4.14 Die volgende sal by die oorweging van 'n vertoog deur die aanklaer van toepassing wees:

4.14.1 'n Boete kan slegs geskrap word indien daar 'n ooglopende prosedurele fout met die uitreik van die boete was of die oortreding ten aansien waarvan die boete uitgereik is, ooglopend op meriete blyk nie begaan is nie of daar 'n regtens aanvaarbare verweer of regverdigingsgrond ten aansien van die oortreding geopper word. Boetes kan nie om bloot versagtende redes wat geopper word geskrap word nie.

4.14.2 'n Boete kan met die helfte van die bedrag daarvan verminder word indien die boete regtens korrek vir 'n oortreding ingevolge die reëls uitgereik is, met geen geldige verweer of regverdigingsgrond geopper nie, maar in die vertoog word geldige en behoorlike versagtende redes aangedui. Die boete bedrag kan nie vir herhaalde oortredings ten aansien van dieselfde oortreding deur 'n betrokke persoon verminder word nie.

4.14.3 Waar daar geen behoorlike en geldige versagtende omstandighede geopper word nie en die boete regtens korrek vir 'n oortreding ingevolge die reëls uitgereik is, met geen geldige verweer of regverdigingsgrond geopper nie, kan die boete bedrag nie verminder of die boete self geskrap word nie en is die geheel daarvan betaalbaar.

4.15 Die oortreder wat 'n boete ontvang is, desnieteenstaande die aanklaer se besluit op die vertoog, geregtig om die boete voor 'n 'n lid van die Regspaneel te betwis, welke lid van die Regspaneel die nodige bevoegdheid het om die boete te skrap, te verminder of steeds betaalbaar te stel. Die oortreder wat sodanige besluit van die aanklaer voor 'n lid van die Regspaneel wil beslis, moet van die geleentheid deur die aanklaer ingelig word en waarop die oortreder die aanklaer binne 7 (sewe) dae na ontvangs van die aanklaer se besluit dienooreenkomstig van sy besluit moet inlig. Die aanklaer sal daarop die saak voor 'n lid van die Regspaneel vir verhoor plaas en waar die normale prosedure vir 'n verhoor gevolg sal word.

4.16 Die oortreder wat 'n boete wil betwis en na die uitslag van 'n vertoog die aanklaer sodanig inlig, sal met sy verskyning by 'n Dissiplinêre Verhoor die geleentheid kry om die geldigheid van die boete kennisgewing op enige toelaatbare gronde aan te val, of om enige geldige verweer voor die Verhoorpaneel te bewys.

*Dissiplinêre stappe*

4.17 Korporatiewe Dienste sal in alle gevalle waar boetes na die verloop van 30 dae (hetsy na uitreik daarvan, hetsy na 'n besluit deur die aanklaer op sterkte van vertoë ontvang en boetes nie gekanselleer is nie) steeds nie betaal is nie, of waar 'n afbetalingsooreenkoms nie nagekom word nie, die boete kennisgewings aan die aanklaer oorhandig vir verdere dissiplinêre stappe.

4.18 Verdere dissiplinêre stappe behels dat die oortreder vir die klag van die nie-betaling van 'n boete vir verhoor voor een lid van die Regspaneel verwys word. Vir doeleinde hiervan en aangesien die oortreding die nie-betaling van 'n boete behels hoef die aanklaer bloot die boete kennisgewing sowel as die nie-betaling daarvan te bewys. Vir duidelikheid: Die oortreder wat 'n boete wil betwis moet 'n vertoog rig en indien nie met die uitslag tevrede nie die boete voor 'n 'n lid van die Regspaneel betwis, waar die aanklaer wel die oortreding wat die boete tot gevolg gehad het, moet bewys.

4.19 Die lid van die Regspaneel wat die verhoor waarneem kan, waar die aanklaer die klag van nie-betaling van 'n boete bewys het, die oortreder aan die ten las gelegde oortreding skuldig bevind waarop die beskuldigde die voorgeskrewe vonnis kan ontvang met of sonder 'n opdrag om die uitstaande boete te betaal. 'n Nuwe boete wat behels dat die oortreder in praktyk 'n dubbele boete vir dieselfde oortreding ontvang is nie moontlik nie.

4.20 Die lid van die Regspaneel wat die verhoor waarneem sal in daardie gevalle waar 'n oortreder 'n boete kennisgewing ontvang het, maar apaties staan deur geen vertoë daarteen te rig nie en ook geen betaling maak of reëlings vir betaling daarvan maak nie, sodanige ingesteldheid as verswarende omstandighede by die bepaling van 'n vonnis in berekening neem.

**N.5 Opskorting van vonnis**

5.1 Die Verhoorpaneel is geregtig, ten aansien van enige voorgeskrewe vonnis (maar nie ten aansien van 'n vonnis waar die beskuldigde tot

gemeenskapsdiens instem nie) om die geheel daarvan, of 'n gedeelte daarvan op te skort.

5.2 Waar 'n vonnis opgeskort word, moet die Verhoorpaneel ten eerste meld dat dit geskied op voorwaarde dat dieselfde oortreding nie weer binne 'n sekere aangeduide tydperk gepleeg mag word nie.

5.3 Waar 'n vonnis in die geheel of gedeeltelik opgeskort word, kan die Verhoorpaneel nie enige ander voorwaardes van welke aard ook al daaraan koppel nie.

**AFDELING O: WYSIGING**

1. Hierdie dokument kan gewysig word deur die Orania Regsraad en is enige wysiging van krag op sodanige datum as wat die Orania Regsraad mag bepaal. Enige sodanige wysiging word vervolgens vir kennisname aan die grondentiteite van Orania voorgehou.

2. Enige wysiging deur die Orania Regsraad van die gedeelte "DISSIPLINÊRE KODE: SANKSIES EN VONNISSE VIR OORTREDINGS" sal slegs van toepassing wees ten aansien van sodanige dissiplinêre optrede rakende oortredings binne die grondgebied van 'n Orania Grondentiteit indien die betrokke wysiging vervolgens deur die betrokke grondentiteit volgens sy eie voorskrifte aanvaar is en waarna die wysiging ook op sodanige grondentiteit van toepassing is.

**DISSIPLINÊRE KODE: SANKSIES EN VONNISSE VIR OORTREDINGS**

Hierdie Kode is uitgevaardig ingevolge die bepalings van die Akte van Oprigting van Orania Aandeleblok (RF) (Edms.) Bpk. sowel as die Dorpsreëls van tyd tot tyd van toepassing, asook by besluit en aanvaarding van ander grondentiteite van Orania (insluitend hul eie reëls soos deur hulle aanvaar) wat hierdie Dissiplinêre Kode onderskryf.

Waar oortredings hierin vervat ook 'n oortreding van die strafreg of enige ander reg uitmaak, is dit nie die bedoeling om die rol van geregshowe in hierdie verband oor te neem nie.

Strafbepalings hierin vervat dien as riglyn vir die Verhoorpaneel by oplegging van sanksies.

Die oortredings en strafbepalings soos wat dit in hierdie kode gelys en verwoord word het nie ten doel om die Verhoorpaneel van hul prerogatief om diskresie uit te oefen te ontneem nie. Die Verhoorpaneel kan in daardie gevalle waar wesenlike en dwingende omstandighede teenwoordig is 'n ligter of swaarder vonnis aan die beskuldigde oplê, tensy die teendeel hieruit duidelik blyk en meer spesifiek 'n maksimum tydperk of boete of ander relevante bepaling hierin uiteengesit is.

Die Verhoorpaneel kan nie 'n vonnis van 'n ander aard aan 'n beskuldigde oplê, as wat in hierdie Kode uiteengesit en gemagtig word nie (of in enige reëls van grondentiteite indien 'n boete of ander straf sodanig daarin uiteengesit word). Die

Verhoorpaneel het nie die bevoegdheid om enige bepaling of beperking van enige aard, anders as wat in hierdie Kode uiteengesit word, aan 'n beskuldigde op te lê nie.

Waar 'n maksimum bedrag vir 'n boete aangedui word, kan die Verhoorpaneel nie sodanige maksimum bedrag oorskry nie. Dieselfde geld ten aansien van waar 'n maksimum tydperk aangedui word en die paneel nie sodanige tydperk by vonnis kan oorskry nie.

In die geval waar die Verhoorpaneel 'n persoon wat nie oor Verblyfreg beskik nie verhoor, met die oogmerk om die toestemming wat die persoon het of oënskynlik sou hê om die grondgebied van Orania te betree terug te trek, sal die strafbepalings vir die relevante oortredings soos hierin vermeld as riglyn dien vir die tydperk wat sodanige persoon die vermelde grondgebied verbied kan word.

Elke geval moet op eie meriete oorweeg en hanteer word.

**Bylaag 1**

<u>Deel A:</u>

Oortredings waar die aanbevole vonnis die opheffing van Verblyfreg vir 'n tydperk tot 'n maksimum van lewenslank is:

A.1 Seksuele misdade.

A.2 Die handeldryf in dwelms.

A.3 Die vervaardiging van dwelms, uitgesluit dagga (THC).

A.4 Moord.

A.5 Gewapende roof.

A.6 Waar 'n beskuldigde se Verblyfreg reeds voorheen deur 'n Verhoorpaneel opgeskort was.

A.7 In 'n Strafhof gevonnis word/is tot gevangenisstraf vir 'n oortreding soos onder hierdie Deel A gelys, sonder die keuse van 'n boete.

<u>Deel B:</u>

Oortredings waar die aanbevole vonnis die opheffing van Verblyfreg vir 'n tydperk tot 'n maksimum van 10 jaar is:

B.1 In 'n Strafhof gevonnis word/is tot gevangenisstraf vir 'n oortreding anders as onder Deel A sonder die keuse van 'n boete.

B.2 In 'n Strafhof skuldig bevind word/is aan 'n oortreding soos gelys onder Bylaag 1 en Bylaag 2 (die geheel daarvan) soos uiteengesit in die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 soos gewysig, anders as die oortredings wat spesifiek onder Deel A, B of C hiervan gelys word.

B.3 Aanranding waar 'n gevaarlike wond toegedien word.

B.4 Diefstal.

B.5 Inbraak met die opset om 'n misdaad te pleeg.

B.6 Bedrog.

B.7 Vervalsing.

B.8 Roof, waar 'n wapen nie gebruik is nie.

B.9 Die besit en/of gebruik van enige dwelmmiddel anders as dagga (THC).

B.10 Poging tot moord.

B.11 Menseroof.

<u>Deel C:</u>

Oortredings waar die aanbevole vonnis die opheffing van Verblyfreg vir 'n tydperk tot 'n maksimum van 5 jaar is:

C.1 Betreding van 'n perseel met die opset om 'n misdaad te pleeg.

C.2 Ontvangs van gesteelde goed, wetende dat dit gesteel is.

C.3 Die vervaardiging, besit en/of gebruik van dagga (THC).

C.4 Brandstigting (uitgesluit nalatige brandstigting).

C.5 Inbraak van 'n perseel of 'n voertuig.

C.6 Enige oortreding wat nie hierin gelys word nie, maar wat onder Bylaag 1 en Bylaag 2 (die geheel daarvan) soos uiteengesit in die Strafproseswet, Wet 51 van 1977 soos gewysig verskyn.

C.7 In ernstige gevalle, die onvanpaste / seksuele opdring aan 'n persoon van die eie of die teenoorgestelde geslag.

C.8 Afpersing.

C.9 Intimidasie ten aansien van of verwant tot 'n wetlik aanmeldbare misdryf.

C.10 Die opsetlike of bedrieglike weerhouding van wesenlike inligting of die bedrieglike weergee van vals inligting in die Verblyfreg aansoekvorm.

C.11 Nienakoming van bepaling: Weiering of versuim om dwelmtoets op versoek te ondergaan.

C.12 Die niebetaling van 'n boete wat as alternatiewe vonnis onder Bylaag 1 uitgereik is.

C.13 Ernstige drankmisbruik, ongeag of die beskuldigde in Orania drank aangekoop het al dan nie, by sodanige geval waar die beskuldigde 'n bepaling ontvang het dat hy of sy op die Dranklys verskyn en wat inhou dat hy of sy nie in Orania enige drank mag aankoop en/of gebruik en/of besit nie.

C.14 Gevalle waar die beskuldigde vir die ten las gelegde oortreding reeds voorheen 'n finale skriftelike waarskuwing onder Bylaag 1 of Bylaag 2 hiervan ontvang het.

Alternatiewe vonnisse ten aansien van Bylaag 1

Ten aansien van enige oortreding soos gelys onder Bylaag 1, het die Verhoorpaneel die diskresie om die geheel van die vonnis of 'n gedeelte daarvan vir 'n sekere tydperk op te skort en/of om die volgende vonnisse, gesamentlik of afsonderlik, as 'n alternatief tot die opheffing van Verblyfreg te gee:

1. Gemeenskapsdiens.
2. Betaling van 'n boete wat nie die bedrag van 5000 ora oorskry nie.
3. 'n Skriftelike waarskuwing.
4. 'n Finale skriftelike waarskuwing.
5. Die bevestiging van enige strafsanksie soos gemagtig en uitgereik ingevolge enige Dorpsreël van OAB of 'n reël van enige ander grondentiteit, om as vonnis deur die Regspaneel uitgereik te dien.

**Bylaag 2**

Oortredings waar die Verhoorpaneel, na gelang van die erns van die oortreding, die diskresie het om aan die beskuldigde 'n mondelinge waarskuwing, 'n skriftelike waarskuwing of 'n finale skriftelike waarskuwing (of alternatiewe vonisse soos hierin uiteengesit) uit te reik:

1. Die nie-betaling van 'n boete, anders as 'n boete onder Bylaag 1 uitgereik.
2. Die nienakoming van 'n bepaling soos uitgereik deur die aanklaer ten tyde van 'n Dissiplinêre Rondetafel.
3. Die nienakoming van 'n bepaling deur 'n bevoegde amptenaar ingevolge gemagtigde Dorpsreëls of hierdie Regsprosedure en Kode ten aansien van Dissiplinêre Sake in Orania uitgereik.
4. Op 'n roekelose of kwaadwillige wyse omgaan met vertroulike/sensitiewe inligting bekom tydens 'n ampstermyn of verkry van 'n persoon/bron behoorlik daartoe gemagtig.
5. Die misbruik en/of beskikbaarstelling of handel in enige gewoontevormende en/of geskeduleerde middels of stof, anders as geskeduleerde dwelms, wat sonder voorskrif of wettige toestemming verkry kan word.
6. Die oortreding van enige Dorpsreëls of reëls van ander Orania-grondentiteite, bykomend tot 'n boete wat ingevolge 'n Dorpsreël of sodanige ander reël uitgereik kan word.
7. Die bedryf van 'n plek waar enige dwelmverwante oortreding of oortreding van Dorpsreëls handelend met alkoholgebruik geskep of toegelaat word om plaas te vind.
8. Gebruik maak of toelaat dat van nie-Afrikaner arbeid gebruik gemaak word en/of versuim om vooraf sodanige toestemming te verkry by die gesag wat daaroor jurisdiksie het.

9. Kwaadwillige Saakbeskadiging.

10. Weiering of versuim om uitvoering te gee aan die bevinding of gedeelte van 'n bevinding van 'n Verhoorpaneel of ander liggaam wat oor die bevoegdheid beskik om die bepalings van hierdie Kode uit te voer.

11. Weiering of versuim om uitvoering aan 'n toekenning van 'n arbitrasiepaneel in 'n arbitrasie deur Orania Regspleging gefasiliteer te gee.

12. Opsetlik valse inligting aan die Dorpsraad of Dorpskantoor, 'n liggaam of persoon deur die Dorpsraad gemagtig, verstrek/voorlê met betrekking tot enige aangeleentheid waaroor die Dorpsraad jurisdiksie het.

13. Opsetlik valse inligting aan die bestuur of direksie van 'n grondentiteit anders as OAB, 'n liggaam of persoon deur sodanige bestuur of direksie gemagtig, verstrek/voorlê met betrekking tot enige aangeleentheid waaroor sodanige grondentiteit se bestuur of direksie jurisdiksie het.

14. Die misbruik van drank.

15. Openbare dronkenskap.

16. Op enige wyse by optrede en/of versuim gevaar vir die gees en liggaam van mede-Oraniërs en/of hulle familie en gaste inhou.

17. Aanranding.

18. Enige vorm van geweldpleging teen 'n persoon, anders as aanranding.

19. Aanstootlike optrede en/of gedrag hetsy in die openbaar of andersins en wat strydig is met die goeie waardes en norme van die gemeenskap.

20. Die oortreding van die Verblyfregbeleid soos aanvaar en deurgevoer deur die Verblyfregbeleidkomitee rakende die verskaffing van studies, werk of verblyf aan enige persoon.

21. Reël of toelaat dat enige persoon die grondgebied van Orania betree vir welke rede ook al, op 'n wyse wat nie ooreenstem en/of voldoen aan bestaande voorskrifte/ bepalings in hierdie verband nie.

22. Weiering of versuim om 'n wettige opdrag van die Dorpsraad, sy verteenwoordiger of gedelegeerde uit te voer.

23. Nienakoming van 'n regulasie of ander bepaling uitgevaardig deur of namens die Dorpsraad ten opsigte van enige aangeleentheid waaroor die Dorpsraad jurisdiksie het.

24. Rusverstoring.

25. Betreding.

26. Die versuim om 'n misdryf wat ingevolge die reg aanmeldbaar is by die relevante owerhede aan te meld.

27. Die misbruik van noodnommers van OVD of verwante instellings.

28. Die weier en/of versuim om mediasieverrigtinge by te woon waar die beskuldigde tot bywoning van sodanige mediasie skriftelik versoek was.

29. *Crimen Iniuria* of strafregtelike laster of Godslaster.

30. Die maak van opmerkings of die publikasie van woorde met verwysing na enige ras wat geag kan word neerhalend en rassisties soos deur die algemene publieke opvatting beskou van aard te wees.

31. Die lewer van valse getuienis voor die Regspaneel, ten tyde van 'n verhoor.

<u>Alternatiewe vonnisse ten aansien van Bylaag 2</u>

Ten aansien van enige oortreding soos gelys onder Bylaag 2, het die Verhoorpaneel die diskresie om die geheel van die vonnis of 'n gedeelte daarvan vir 'n sekere tydperk op te skort en/of om die volgende vonnisse as 'n alternatief, of bykomend, gesamentlik of afsonderlik, tot die gee van 'n mondelinge of skriftelike of finale skriftelike waarskuwing te gee:

1. Gemeenskapsdiens.

2. Betaling van 'n boete wat nie die bedrag van 3000 ora oorskry nie.

3. Die bevestiging van enige strafsanksie soos gemagtig en uitgereik ingevolge enige Dorpsreël van OAB of 'n reël van enige ander grondentiteit, om as vonnis deur die Regspaneel uitgereik te dien.

<u>Nota ten aansien van Bylaag 2</u>

1. In enige geval waar 'n beskuldigde voorheen 'n skriftelike of finale skriftelike waarskuwing ten aansien van 'n oortreding onder Bylaag 2 ontvang het, kan die Verhoorpaneel by 'n opvolgende ooreenstemmende oortreding die beskuldigde se Verblyfreg ophef. Die volgende is ten aansien van die tydperk daarvan van toepassing:

1.1 Vir 'n oortreding gelys onder Bylaag 1, die tydperk tot die maksimum soos dienooreenkomstig daarin aangedui.

1.2 Vir 'n oortreding gelys onder Bylaag 2, 'n tydperk tot die maksimum van 2 (twee) jaar.

2. Indien die sanksie op enige skuldigbevinding 'n skriftelike- of finale waarskuwing is, koppel die Voorsittende Beampte 'n tydperk aan die geldigheid van die waarskuwing volgens die Paneel se diskresie.

Weergawe 2

Goedgekeur Orania Regsraad: 25 November 2024 (en Weergawe 2

daarna aanvaar)

Goedgekeur OAB: 4 Desember 2024